# HOOFSTUK 2

# 'n FUNDAMENTEEL-OPVOEDKUNDIGE PRESISERING VAN GESONDE OUER-KIND-OPVOEDINGSVERHOUDINGE

## 2.1 ALGEMENE INLEIDING

Om gesonde ouer-kind-opvoedingsverhoudinge prinsipieel te kan presiseer, is dit nodig om die plek daarvan binne die werklikheid te bepaal.

Ten einde tot 'n fundamentele plekbepaling van ouer-kind-opvoedingsverhoudinge te kom, is dit nodig om die werklikheid - met die mens as kroon daarvan - prinsipieel te ondersoek. Dit kan alleen gedoen word vanuit 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing, aangesien elke mens in sy hart 'n spesifieke oortuiging aangaande God/afgod, mens en wêreld handhaaf (vergelyk paragraaf 2.5.2.2) (Dekker, 1983:104). 'n Neutrale benadering tot navorsing is dus onmoontlik.

Waar hierdie navorsing in Skrifperspektief plaasvind, word 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing gehandhaaf: dit wil sê, 'n **Christelike beskouing** oor die almag en soewereiniteit van God (paragraaf 2.2.1.2) oor die wet van God (paragraaf 2.2.1.3) oor die werklikheid in al sy fasette (paragraaf 2.2.1.4) en oor die mens (paragraaf 2.2.1.5) word gehandhaaf.

Met die struktuur van die ganse werklikheid as verwysings=raamwerk, is 'n uiteensetting van die struktuur van die Christelike huwelik (paragraaf 2.2.2.2.) en die Christelike gesin (paragraaf 2.2.2.3) moontlik. Ook die plek van die kerngesin in die samelewing (paragraaf 2.2.2.4) word teen hierdie agtergrond belig.

Binne die harmoniese huwelik en gesin bestaan 'n veelheid van tussenmenslike verhoudinge, waarvan die verhouding tussen man en vrou binne die huwelik (paragraaf 2.3) en die verhouding tussen

die kinders onderling (paragraaf 2.4) onder andere vir hierdie navorsing van belang is.

Na afloop van 'n breedvoerige prinsipiële uiteensetting van Christelike ouerlike opvoeding (paragraaf 2.5), is dit moontlik om die funksies van die harmoniese gesin te identifiseer (paragraaf 2.6).

Teen die agtergrond van bogenoemde prinsipiële ondersoek, kan verskeie dimensies van ouer-kind-opvoedingsverhoudinge binne die Christelike gesin op 'n wetenskaplik-verantwoordbare, Christelike-religieus-begronde wyse ontleed word (paragraaf 2.7).

Vir die Christelike Opvoedkunde-navorser, is kennis van die Bybel die enigste manier om tot die volle waarheid aangaande God, mens en wêreld te kom; en dus ook die enigste manier om deur te dring tot die wesenlike van die opvoedingsverskynsel - waaronder ouer-kind-opvoedingsverhoudinge ressorteer.

Alvorens daar voortgegaan kan word met 'n ondersoek na die stand van ouer-kind-opvoedingsverhoudinge in die praktyk (in die swart dorp Ikageng) (Bylae B), is dit allereers noodsaaklik om 'n prinsipieel-begronde teoretiese onderbou rondom ouerlike opvoeding en ouer-kind-opvoedingsverhoudinge te vorm. Dit is dan juis wat met hierdie hoofstuk beoog word.

Die toereikendheid van ouer-kind-opvoedingsverhoudinge in geïdentifiseerde kerngesinne in Ikageng word in hoofstuk 4 ondersoek (vergelyk Bylae B, vrae B5 tot B14) om daaruit moontlike afleidings te maak omtrent 'n verband tussen ontoereikende ouer-kind-opvoedingsverhoudinge en onrus in swart gemeenskappe aan die een kant, of toereikende ouer-kind-opvoedingsverhoudinge en vrede en harmonie in die gemeenskap aan die ander kant.

## 2.2 DIE STRUKTUUR VAN DIE WERKLIKHEID AS SLEUTEL TOT OUER-KIND-OPVOEDINGSVERHOUDINGE BINNE DIE HARMONIESE GESIN

### 2.2.1 Ontologiese grondslag van gesinsverhoudinge

#### 2.2.1.1 Inleiding

Die woord ontologie is saamgestel uit die twee Griekse woorde **to ontos** (die ding wat syn of is) en **logos** (woord, rede, spraak) (Van der Walt, 1983d:35).

Die ontologie as deelwetenskap differensieer in vier hoofdele, naamlik:

* 'n ontologie in verband met God;
* 'n ontologie van die wet wat God vir die skepping geformuleer het;
* 'n ontologie van die skepping wat Hy aan sy wet onderwerp het;
* 'n ontologie van die samehang tussen die eerste drie.

'n Ontologie oor 'n aspek van die werklikheid dui dus op 'n opvatting oor die syn of bestaan van daardie aspek. 'n Ontologie is dus 'n synsopvatting (Van der Walt, 1983d:35).

'n Ontologie is **basies**; dit lê die grondslag van 'n antropologie ('n opvatting oor die mens) en 'n kosmologie ('n opvatting oor die werklikheid) (Taljaard, 1976:28).

Wat vir die Christen belangrik is, is dat 'n ontologie (synsopvatting) aangaande God die grondslag lê vir die ontologieë van Sy wet vir die skepping, van die skepping self (wat die mens insluit) en van die samehang tussen hierdie drie (Van der Walt, 1983c:35).

Daar word vervolgens aangesny by die Christelike synsopvattinge (ontologieë) aangaande God (paragraaf 2.2.1.2), Sy wet (paragraaf 2.2.1.3), die struktuur van die werklikheid (paragraaf 2.2.1.4),

die Christelike antropologie (paragraaf 2.2.1.5), asook die aard en struktuur van die Christelike huwelik en gesin (paragraaf 2.2.2).

2.2.1.2 Die almag en soewereiniteit van God

Volgens die Christelike lewens- en wêreldbeskouing (lewensopvatting) is alle dinge uit, deur en tot God. God is die Absolute, Ewige, Selfgenoegsame en Soewereine (Fourie, 1975: 20). Hy het die heelal geskape wat tydelik, onselfgenoegsaam en afhanklik van Hom is (Fourie, 1975:21 ; Schoeman, 1983:45).

Spier (1950:18) bevestig bogenoemde soos volg: "God is de almachtige Schepper en Onderhouder van alle dingen en de kosmos is het geheel van alle schepselen, die van de Maker volstrekt afhankelijk zijn."

Waar God dus almagtig en soewerein is en sy Skepping ten volle afhanklik is van Hom, is dit duidelik dat daar 'n radikale **verskil** tussen God en skepping is. (Taljaard, 1976:32). Die mens as kroon van die skepping is wel na die beeld van God geskape, maar daar is niks Goddeliks in die mens nie (Van der Walt, 1983d:36). Hierdie beeldskap dui alleen op 'n besondere verhouding tussen God en mens en die mens buig steeds voor die absolute soewereiniteit (oppermag) van God.

Daar is egter ook 'n **samehang** tussen God en sy skepping. Hierdie samehang lê daarin dat God die skepping in stand hou en ordelik bestuur (Van der Walt, 1983c:36). Verder is die mens as kroon van die skepping, as "medewerker" van God, geroepe om die skepping te bewerk en te bewaak (Van der Walt, 1983d:37).

In sy almag het God in die skepping 'n ryke verskeidenheid ingebou. God het stof, plant, dier en mens geskape - elk met 'n eie doel en funksie (Fourie, 1975:21). Uit hierdie verskeidenheid in die Godgeskape werklikheid, spruit die verskillende samelewingsverbande voort. Samelewingsverbande wat vir opvoeding

belangrik is, is die huwelik, gesin, kerk, staat en skool (Fourie, 1975:21).

Vir die doel van hierdie studie word slegs na die huwelik en gesin (paragraaf 2.2.2) as die intiemste kringe gekyk waarbinne ouerlike opvoeding plaasvind.

2.2.1.3 Die wet van God

God is as Almagtige en Soewereine, ook die Absolute Regeerder oor mens en skepping (Taljaard, 1976:44). God regeer deur middel van sy wette as uitdrukking van die wil van God vir elke geskape ding (Van der Walt & Dekker, 1983:43). God eis van die mens gehoorsaamheid aan hierdie wette en openbaar hierdeur aan die mens sy almag waarmee Hy die tydelike werklikheid onderhou (Taljaard, 1976:76).

God is bokant sy wet en die geskapene is daaronder. Die wet is dus die grens tussen Skepper en skepsel (Spier, 1950:19 ; Kalsbeek, 1970:69). Die mens kan alleen sinvol dink oor daardie dinge wat aan sy kant van die wet lê. God is bokant die wet en die mens kan God op hierdie aarde net ten dele ken (Kalsbeek, 1970:69).

God self is verhewe bo die wet, maar stel vir elke skepsel - ooreenkomstig sy unieke struktuur - 'n wet daar, wat aan daardie skepsel 'n eiesoortige karakter verleen (Van der Walt & Dekker, 1983:43).

Die wet van God vir 'n bepaalde verskynsel in die werklikheid, bly altyd konsekwent dieselfde. So byvoorbeeld is die wet wat van opvoeding waarlik **opvoeding** maak, altyd dieselfde (Van der Walt, 1983d:49).

Die wet van God wat vir opvoeding geld, is universeel en altyd dieselfde (onveranderlik en vas). Tydens hierdie navorsing, waar die toereikendheid al dan nie van ouerlike opvoeding en die

verhoudinge wat tussen ouer en kind bestaan, ondersoek word, is dit baie belangrik om hierdie vastheid van die wet wat vir 'n verskynsel (soos opvoeding) geld, in gedagte te hou. Dit verseker dat daar eensgesindheid onder opvoedkundiges bestaan oor die struktuur van die opvoedingsverskynsel.

Tot dusver is alleen verwys na die universaliteit van die wet, maar God het ook 'n verskeidenheid binne elke wet daargestel (Van der Walt, 1983d: 50). Daar word onder andere onderskei tussen twee struktuurtipes van 'n wet; naamlik 'n **entiteit** en 'n **modaliteit**. Hiervolgens funksioneer elke entiteit (soos opvoeding) volgens 'n bepaalde modaliteit of bestaanswyse (Van der Walt & Dekker, 1983: 44). Sodra 'n entiteit afwyk van sy Godbepaalde modaliteit, ontstaan chaos en disharmonie. Met die sondeval het sodanige disharmonie tussen wet en skepsel tot stand gekom (Taljaard, 1976: 48).

'n Entiteit (soos ouerlike opvoeding) is alleen sinvol wanneer dit aan die wet, wat deur God daarin gelê is, beantwoord (Van der Walt & Dekker, 1983: 69). Vir die Christen "lei wetteloosheid tot sinloosheid en sonder God het niks enige sin en betekenis nie" (Van der Walt & Dekker, 1983: 75).

God se wet verseker die ordelike bestaan van alles; ook van die huwelik en gesin, met die groot verskeidenheid verhoudinge daarbinne.

Waar hierdie navorsing die toereikendheid al dan nie van ouer-kindverhoudinge in geïdentifiseerde gesinne binne Ikageng wil ondersoek, is dit belangrik om eers in teorie vas te stel hoe hierdie verhoudinge lyk wanneer dit ordelik en harmonies bestaan. Harmoniese ouer-kindverhoudinge beantwoord aan die wet wat God vir die verhoudinge daargestel het en is die ideaal wat deur elke Christen-ouer en -kind nagestreef moet word.

2.2.1.4 Die vier struktuurmomente van die werklikheid

2.2.1.4.1 Oriëntering

Die werklikheid word as 'n geordende eenheid ervaar, met 'n bepaalde identiteitstruktuur, omdat dit aan die kosmiese wet onderworpe is wat deur God vir die werklikheid as geheel gegee is (Van der Walt & Dekker, 1983:44).

Die struktuur van die werklikheid bestaan uit vier struktuurmomente, naamlik die religieuse, die individuele, die modale en die temporele (Van der Walt, 1983d:61).

Soos wat hierdie vier struktuurmomente in die werklikheid as geheel onderskei kan word, kan hulle ook onderskei word in enige ander ding binne die werklikheid, soos byvoorbeeld die huwelik, die gesin (paragraaf 2.2.2), die opvoedingsverskynsel, ensovoorts (Van der Walt & Dekker, 1983: 44).

Waar die struktuur van die werklikheid, soos gesien deur eksponente van die Wysbegeerte van die Wetsidee, die basis vorm waarvolgens alle ander verskynsels in die werklikheid gestruktureer is, is dit allereers noodsaaklik om 'n bondige uiteensetting van eersgenoemde te gee (Stoker, 1961:160-174).

2.2.1.4.2 Die religieuse faset van die werklikheid

Waar dit slegs die mens is wat oor 'n hart beskik waarop die een of ander religie beslag lê (paragraaf 2.2.1.5.3), is dit verwarrend om van die religieuse faset van die **werklikheid** te praat (Van der Walt, 1983d:63).

Hierdie stelling dra egter in die lig van die mens se geskiedenis, tog gewig. Adam was oorspronklik in al sy aktiwiteite anastaties op God gerig, maar met die sondeval is hierdie religieuse band met God verbreek en is die ganse mensdom, en daarmee saam die ganse skepping, in ongeregtigheid gedompel.

In Christus is die religieuse band van die mens met God herstel en is die ganse skepping ook weer herskep (Van der Walt, 1983d:63).

Die intieme vervlegtheid tussen die mens, as kroon van die skepping, en die skepping as sodanig, tree in hierdie faset van die werklikheid na vore.

2.2.1.4.3 Die individuele faset van die werklikheid

God het elke ding in die werklikheid na sy eie aard geskape (Spier, 1946:52). Elke ding het 'n eie individuele struktuur en identiteit, omdat God 'n bepaalde wet vir elke ding gegee het wat daaraan 'n eie uniekheid en tiperende individualiteit verleen (Van der Walt, 1983d:78 ; Schoeman, 1983:3).

Ook vir die opvoedingsverskynsel geld 'n bepaalde individualiteitstruktuur wat dit as **opvoeding** tipeer, en nie iets anders nie (Van der Walt et al., 1977:91).

2.2.1.4.4 Die modale faset van die werklikheid

Behalwe dat elke struktuur in die werklikheid 'n eie individualiteit het (paragraaf 2.2.1.4.3), het elk ook 'n unieke manier van bestaan (Van der Walt, 1983d:66). Hierdie bestaanswyses word aspekte, modaliteite en soms ook wetskringe genoem. Vir elke modaliteit geld daar 'n wet waarvolgens die bepaalde skepsel hom moet gedra (Van der Walt et al., 1977:95).

Volgens die Wysbegeerte van die Wetsidee (W.d.W) is daar vyftien modaliteite (bestaanswyses) van die werklikheid (Schoeman, 1983:4-5 ; Van der Walt & Dekker; 1983:50). Elkeen van hierdie modaliteite het 'n sinkern wat die betrokke modaliteit kwalifiseer en tipeer. Soos Spier (1946:46) dit stel: "Aan iedere wetskring is dus een bepaalde zinzijde van het geschapene correlaat." Elke modaliteit van die werklikheid het dus 'n wesenlike eienskap wat daardie betrokke bestaanswyse

karakteriseer.

Kalsbeek (1970:94) verduidelik die verband tussen modaliteit en sinkern soos volg: "Binnen elk aspect kan naamlijk het wezenlijke worden aangewezen, dat voor deze modaliteit karakteriserend is. De W.d.W noemt dit de zinkern. Alles wat zicht binnen een bepaald aspect afspeelt wordt door de zinken van deze zinsijde gekwalificeerd."

Stoker (1968:147) stel dat die kosmos in sy verskeidenheid verdeel word in stof, plant, dier en mens. Met behulp van 'n uiteensetting van die modaliteite in volgorde van gekompliseerdheid, word die skeidslyne tussen stof, plant, dier en mens duidelik. Die sinkern van elke modaliteit word telkens tussen hakies geplaas (Schoeman, 1983:27-34 ; Van der Walt, 1983d:68-72 ; Kalsbeek, 1970:98). Daardie modaliteite wat nie direk verband hou met die navorsingstema nie, word slegs genoem, terwyl die modaliteite wat relevant is met betrekking tot ouer-kind-opvoedingsverhoudinge, kortliks bespreek word.

Die eenvoudigste dog mees basiese bestaanswyse is die aritmetiese (onderskeie hoeveelheid) (Spier, 1946:48). In volgorde van gekompliseerdheid volg die ruimtelike (kontinue uitgebreidheid), die kinematiese (beweging) en die fisiese (energiewerking) modaliteite (paragraaf 2.2.1.5.6.2).

Die stof het deel aan al vier die modaliteite wat tot dusver genoem is. Die plant deel ook in hierdie vier, maar aangesien die plant se bestemmingsfunksie die biotiese is, deel die plant kwalitatief anders in die fisiese modaliteit as die stof.

Die biotiese (organiese lewe) modaliteit is die volgende in die ry van gekompliseerdheid. Plante, diere en mense is onderworpe aan die wette van die lewe. Die dier en die mens deel egter kwalitatief anders aan die biotiese aangesien hul bestemmingsfunksies hoër as die plant se bestemmingsfunksie lê (Spier, 1950:22) (paragraaf 2.2.1.5.6.3). Die psigiese (gevoel)

modaliteit geld slegs vir die dier en die mens (paragraaf 2.2.1.5.6.4).

Die volgende nege modaliteite is eie aan die mens. Die mens deel ook aan al ses die reeds genoemde modaliteite, maar kwalitatief anders as stof, plant of dier, omdat slegs die mens se bestemmingsfunksie die geloofsfunksie is (Van der Walt & Dekker, 1983: 51 - 53).

**Die analities-logiese (analitiese onderskeiding)**

Slegs die mens kan onderskeidend dink (Spier, 1950: 22). Denke is dus 'n suiwer menslike handeling, maar is nie die wesenlike van die mens nie. Die wesenlike is dat die mens 'n religieuse wese is.

By die formulering van opvoedingsdoelstellings is dit baie belangrik dat die mens se rede nie verabsoluteer word nie. 'n Ouer wat slegs belangstel in die verstandelike ontwikkeling van sy kind, is besig om die eenheid van die mens te ontken, asook die wesenlike van die mens as religieuse wese.

**Die historiese (kultuurvormende mag)**

Slegs die mens besit die Goddelike opdrag om kultuur te skep (Spier, 1950:23). Elke mens is uniek; dus is elke ouer en elke kind 'n persoon met 'n eie identiteit. Die kultuur wat in elke ouerhuis geskep word, is dus ook uniek en verskil verder van volk tot volk.

**Die linguale (simboliese betekening)**

Slegs die mens gebruik woorde en simbole om mekaar te verstaan (Kalsbeek, 1970:99). Waar kommunikasie een van die belangrikste voorwaardes vir suksesvolle ouer-kind-verhoudinge is, is dit belangrik dat elke ouer deeglik kennis dra van die linguale modaliteit van die werklikheid. Die kind moet die ouer in so 'n

mate vertrou dat hy die vrymoedigheid sal hê om met hom te kommunikeer. Ook die suksesvolle ouer-kind-gesagsverhouding (paragraaf 2.7.2.4) berus op openheid in kommunikasie.

Waar hierdie navorsing beoog om in geïdentifiseerde kerngesinne in Ikageng die harmonie waarmee ouer en kind in 'n verhouding staan, te toets, sal die linguale modaliteit 'n belangrike toetsitem uitmaak.

**Die sosiale (verkeer)**

Sosiale verkeer is 'n tipies menslike aktiwiteit (Spier, 1950: 24). Die mens is altyd mens-in-gemeenskap en kan homself nooit isoleer van medemenslike kontak nie (paragraaf 2.2.1.5.5.3).

'n Harmoniese samelewing is die resultaat van suksesvolle sosiale verkeer tussen mens en medemens. Toereikende sosialisering is dus ook 'n belangrike opvoedingsdoelstelling - veral te midde van 'n komplekse samelewing soos die van Suid-Afrika.

Die ekonomiese (waarde-afweging) en die estetiese (skone harmonie) modaliteite volg tussen die sosiale en die juridiese modaliteite (vergelyk paragrawe 2.5.5.3.7 en 2.5.5.4.3).

**Die juridiese (reg en onreg)**

Om te kan oordeel tussen reg en verkeerd is 'n kuns wat deur die mens aangeleer word met behulp van opvoeding. Die vorming van 'n vaste waardesisteem waarvolgens eie handelinge beoordeel word, is 'n belangrike deel van volwassewording en moet deel uitmaak van elke ouer se doel met ouerlike opvoeding (paragraaf 2.5.5.3.11).

**Die etiese (liefdesorg)**

Onder hierdie modaliteit val naasteliefde, wat insluit die liefde tussen man en vrou in die huwelik, die liefde tussen ouers en

kinders of tussen kinders onderling in die gesin, liefde vir die natuur, vir die eie vaderland, ensovoorts (vergelyk Bylae B, vrae B1 en B2). Ook 'n liefde vir die goeie en dit wat reg is sluit aan by die etiese modaliteit (Kalsbeek, 1970:100).

Die etiese modaliteit maak 'n belangrike deel uit van harmoniese ouer-kind-opvoedingsverhoudinge. 'n Kind wat hierdie liefde ontbeer, vind dit moeilik om te kom tot uiteindelike selfstandige en gebalanseerde optrede in 'n komplekse samelewing.

**Die pistiese (geloofsekerheid)**

Die mees gekompliseerde bestaanswyse van die mens is die pistiese. Die mens vind sy sekerheid in die geloofsvertroue in die God van die Bybel, of in een of ander afgod. Die Christen glo alleen in God en word deur hierdie geloof gelei in al sy aktiwiteite; ook in die ouerlike opvoedingsaktiwiteit.

Die implikasie van al bogenoemde modaliteite vir opvoeding is dat die modale moontlikhede van die kind deur die opvoedingshandeling ontsluit behoort te word (Van der Walt & Dekker, 1983:58). Vir die Christen vind hierdie ontsluiting onder leiding van die ware geloof in God plaas.

Verder is dit belangrik dat opvoeding gerig is op al die modaliteite om sodoende die **hele** kind tot ontplooiing te bring. Geeneen van die modaliteite mag dus verabsoluteer word nie (Van der Walt & Dekker, 1983:58).

Indien daar in 'n gesin sprake is van verabsolutering of verwaarlosing van een of meer van die modaliteite, hou dit vir die opvoedingsaktiwiteit negatiewe gevolge in. Die ouer-kind-opvoedingsverhouding kan onder andere in so 'n situasie nie harmonies bestaan nie, omdat daar êrens sprake is van 'n wanbalans.

In hoofstuk 3 (paragraaf 3.5.4) word gekyk na probleme in swart

gesinne wat verband hou met die proses van verstedeliking en gepaardgaande verwestering. By al hierdie probleme, is daar op een of ander wyse sprake van 'n wanbalans in die funksionering van die modaliteite ten opsigte van die opvoedingsproses en ouer-kind-verhoudinge.

#### 2.2.1.4.5 Die temporele faset van die werklikheid

Die skepping kan nie sonder tyd bestaan nie en tyd kan nie sonder die skepping bestaan nie (Kalsbeek, 1970:151). Die totale kosmos word dus deur tyd omsluit en geen entiteit in hierdie wêreld kan die verloop van tyd te bowe gaan nie (Van der Walt, 1983d:83 ; Schoeman, 1983:5).

God het deur sy wil die tyd daar gestel, maar Hy is self nie daaraan onderworpe nie. Hy is ewig, bo die tyd (Van der Walt et al., 1983: 83).

Ook die opvoedingsaktiwiteit word beïnvloed deur tyd. So is daar 'n beginpunt van opvoeding sodra die kind beïnvloedingsvatbaar is, totdat die jong volwassene selfstandig in die verskeidenheid terreine van die lewe kan optree (Van der Walt, 1983d:87). Aangesien die mens in hierdie lewe egter nooit volmaaktheid kan bereik nie, is daar nie werklik 'n eindpunt van opvoeding nie. Die mens behoort lewenslank die goeie na te streef en hy bereik op hierdie aarde nooit die punt waar die strewe na die goeie nie meer nodig is nie.

Die tydsheid van dinge in die werklikheid geld in elke opsig dus ook die opvoedingsverskynsel. So gaan die kind met verloop van tyd deur verskillende ontwikkelingsfases en ouerlike opvoeding moet hiermee rekening hou.

#### 2.2.1.4.6 Samevattende perspektief

'n Deeglike kennis van die werklikheid in al sy fasette dien as vertrekpunt waarvandaan elke kleiner struktuur (soos byvoorbeeld

die huwelik, die gesin, opvoeding, ensovoorts) binne die werklikheid, geken kan word.

Ook die mens - as lid van die gesin - word **gedeeltelik** geken vanuit sy verhouding met die werklikheid; hoewel dit nie die grondverhouding vorm waarvandaan die mens tot ware selfkennis kom nie (vergelyk paragraaf 2.2.1.5.5.2).

Alleen die ouer wat homself deeglik ken, is in staat om sy kind op te voed tot ware selfkennis. Die mens wat homself ken in al die verhoudinge waarin hy staan - met die verhouding tot God as die grondverhouding - is in staat om in harmonie met sy medemens om te gaan.

### 2.2.1.5 Christelike antropologie

#### 2.2.1.5.1 Inleiding

Agter elke mensbeskouing lê 'n religieus begronde lewens- en wêreldbeskouing (Smit, 1988:3). Die Christelike lewens- en wêreldbeskouing bestaan uit die fundamentele oortuigings van die Christen oor God, mens en wêreld - afsonderlik en in samehang. Alleen deur ware kennis in aanvaarding van die raamwerk van die Bybelse openbaring oor God, mens en skepping, kan die mens tot ware selfkennis kom (Smit, 1988:3).

Waar opvoeding by uitstek 'n menslike handeling is, is 'n uiteensetting van die Christelike mensbeskouing van primêre belang vir enige opvoedkunde-navorsing. Daarvandaan kan verder ingegaan word op 'n uiteensetting van ouerlike opvoeding (paragraaf 2.5) en 'n presisering van ouer-kindopvoedings=verhoudinge (paragraaf 2.7). Laasgenoemde is die hooftema van hierdie navorsing en kan slegs in diepte bestudeer word as die oorsprong, wese en kenmerke van die mens begryp word. Die rede hiervoor is geleë in die feit dat die verhouding tussen ouer en kind by uitstek 'n medemenslike verhouding is.

In die volgende paragrawe val die aksent op die Christelike mensbeskouing - soos prinsipieel gegrond op die Wysbegeerte van die Wetsidee.

2.2.1.5.2 Die oorsprong van die mens

Die mens is deur God - die absolute oorsprong van alles - geskep (Stoker, 1961:187 ; Dekker, 1983:19). God het die mens van die res van die skepping onderskei deurdat Hy die mens na sy beeld geskape het (Schoeman, 1983:16 ; Taljaard, 1976:151).

Waterink (1951:56) skryf soos volg oor die oorsprong van die mens: "... wij zien de mens in de eerste plaats als schepsel Gods, geschapen naar Gods beeld en deswege als religieus wezen".

God het die mens se hart (paragraaf 2.2.1.5.3) toegerus met 'n ingeskape religieuse drang om sy lewe in liefde tot God deur te bring (Dekker, 1983:99).

Die mens is dus reeds van die begin af as 'n religieuse wese geskape en dit vorm die brandpunt van sy bestaan op aarde. Daarvandaan verkry elke menslike handeling betekenis; ook die opvoedingshandeling (in die gesin) word deur die religie wat op die mens se hart beslag lê, bepaal.

2.2.1.5.3 Die mens is 'n wese met 'n "hart"

Die mens se hart dui op die kern van sy persoonlikheid; op die religieuse gerigtheid van sy bestaan op aarde (Kock, 1975:199 ; Van der Walt et al., 1977:49 ; Waterink, 1951:57 ; Dekker, 1983:100) (vergelyk paragrawe 2.2.1.5.3 en 2.2.1.5.4).

Ook tydens die opvoedingsaktiwiteit tussen ouer en kind, vorm die hart van opvoeder en opvoedeling die sentrale knooppunt. Die mens se hartsgerigtheid (op God of afgod) bepaal die aard, wese en doel van ouerlike opvoeding (paragraaf 2.5).

#### 2.2.1.5.4 Die mens is 'n religieuse wese

Die begrip religie, is afgelei van die Latynse grondwoorde **re-** en **ligare**. **Ligare** beteken "binding", daarom beteken religie by implikasie "terugbinding" (Heyns, 1982:60). Elke mens se hart is teruggebind aan die ware Oorsprong (dit wil sê aan God) of aan 'n ander oorsprong (dit wil sê aan een of ander afgod)(vergelyk paragraaf 2.2.1.5.3). Deur hierdie terugbinding van die hart, staan die Christen in 'n verhouding tot God. 'n Verhouding waarby die mens in sy totaliteit betrokke is (Taljaard, 1976: 147).

Dooyeweerd (1969:57) omskryf die religie van die mens soos volg: "The innate impulse of human selfhood to direct itself towards the true or towards pretended absolute Origin of all temporal diversity of meaning, which it finds focused concentrically in itself".

Die mens word in al sy aktiwiteite gerig en gelei deur hierdie hartsgerigtheid (Dekker, 1983:104). **Opvoeding** as **menslike handeling** word ook by uitstek gerig deur die religie wat op die mens se hart beslag lê. Om hierdie rede is opvoeding die religieuse beïnvloeding van die totale opvoedeling (Van der Walt et al., 1977:131).

Waar 'n ander religie as die Christelike religie die opvoedingshandeling ten grondslag lê, kan daar nie sprake wees van Skrifmatige opvoeding en/ of harmonie tussen ouer en kind nie.

#### 2.2.1.5.5 Die mens is 'n verhoudingswese

##### 2.2.1.5.5.1 Inleiding

Die hart van die mens (paragraaf 2.2.1.5.3) as die kern van sy bestaan, kan alleen geken word wanneer dit in verband met die drie sentrale verhoudings wat sin daaraan gee, gesien word

(Dooyeweerd, 1965:11).

In die eerste plek staan die mens in 'n verhouding tot die hele tydelike werklikheid. Tweedens bevind die mens homself in 'n verhouding tot sy medemens (Dooyeweerd,1965:11 ; Kock, 1975:196). Die mens kan egter nie tot ware selfkennis kom deur 'n ontleding van hierdie twee verhoudings nie (Dooyeweerd, 1965:11). Om hierdie rede staan die mens ook in 'n regstreekse verhouding tot sy Oorsprong. Hierdie verhouding vorm die sentrale en totale religieuse verhouding waarin die mens staan en daaruit is ware selfkennis moontlik (Dekker, 1983:102).

Elke verbondsouer het dan ook die roeping om sy verbondskind in die verhouding tot God as ware oorsprong in te lei. Op hierdie wyse kan elke kind tot ware selfkennis kom en in harmonie met homself en sy medemens leef.

Waar hierdie navorsing op die verhoudinge tussen ouer en kind fokus, word dit belangrik geag om in meer diepte op die mens as verhoudingswese in te gaan.

2.2.1.5.5.2 Die mens in verhouding tot God

Die mens staan in 'n radikale en totalitêr integrale verhouding tot sy Skepper/skepper (Dekker, 1983:142). Die Christenmens is volkome afhanklik van sy verhouding tot God, want daardeur kry sy hele lewe betekenis en handel hy voortdurend as geskapene na God se beeld.

Ook die opvoedingsverhouding tussen ouer en kind moet as 'n voortvloeisel uit die primêre verhouding tot God beskou word. Alleen wanneer die verhouding tussen ouer en kind gebou word op die allesbepalende verhouding tot God, kan daar vir die Christen sprake wees van ware ouer-kind-opvoedingsverhoudinge.

2.2.1.5.5.3 Die mens in verhouding tot sy medemens

God het die mens nie as enkeling geskape nie, maar as mens tussen ander mense (Taljaard, 1976:187). Die mens mag homself dus nie isoleer van die samelewing of onverskillig teenoor sy naaste staan nie (Van der Walt et al., 1977:186).

In die eerste plek staan elke mens in intieme of sogenaamde primêre verhoudinge tot daardie mense met wie hy permanent saamlewe; hetsy in huwelikshoedanigheid of gesinshoedanigheid. In die tweede plek staan die mens ook in meerdere sekondêre verhoudings tot persone waar daar geen sprake van 'n intieme of permanente verhouding is nie (Taljaard, 1976:186).

In die gesin behoort kinders te leer hoe om harmonies sosiaal te verkeer. As hulle sinvolle liefdesverhoudinge binne die gesin tot stand kan bring, is die kanse gunstig dat hulle hierdie primêre verhoudinge ook as grondslag sal laat dien vir sekondêre (losser of minder intieme) verhoudinge.

In 'n komplekse samelewing soos in Suid-Afrika, moet die mens geleer word om in al hierdie verhoudinge medemenslikheid en wedersydse respek te betoon (Vergelyk Dekker, 1983:144).

2.2.1.5.5.4 Die mens in verhouding tot homself

Menswees impliseer ook self-wees (Dekker, 1983:145). Dit impliseer dat die mens in 'n unieke verhouding tot homself lewe wat onder andere na vore kom in selfkennis, selfaanvaarding, selfvertroue, selfdissipline, ensovoorts.

Hierdie begrippe kan in egosentrisme ontaard wanneer dit op die mens as sodanig gekonsentreer is. Wanneer die mens egter daardeur sy roeping op aarde vervul en God daardeur dien en verheerlik, skort daar niks met hierdie verhouding nie (Dekker, 1983:146).

Die mens het van God die opdrag ontvang om al sy gawes en talente te ontplooi en om die skepping tot sy bestemming van Godsverheerliking te bring. Die mens kan hierdie opdrag alleen uitvoer as hy in 'n selfstandige verhouding tot homself staan, wat ten diepste voortvloei uit sy verhouding tot God (Dekker, 1983:145).

2.2.1.5.5.5 Die mens in verhouding tot die verganklike werklikheid

**Tot die natuur**

Mens en natuur is op mekaar aangewese; dit wil sê, die mens is vir sy bestaan van die natuur afhanklik en die natuur is weer vir sy bewerking van die mens afhanklik (Dekkker, 1983:146).

Wanneer die mens skeppend, bewarend en verantwoordelik in die natuur besig is, is hy besig met sy roeping op aarde as kroon van die skepping. Dit is die taak van elke ouer om sy kind in die uitvoering van hierdie roeping te ondersteun en te begelei.

In sy verhouding tot die natuur, bring die mens kultuur tot stand; die mens staan dus ook in 'n verhouding tot die kultuur.

**Tot die kultuur**

Om met die natuur besig te wees, is om kultuur te skep (Dekker, 1983:148). Wat belangrik is, is dat die mens op 'n verantwoordelike wyse kultuur moet skep in ooreenstemming met die beginsels, norme en waardes van 'n bepaalde religieuse grondmotief.

Die ouers as primêre opvoeders moet in die verhoudinge met hulle kinders, hierdie verantwoordelikheidsbesef by die kinders tuisbring en die betekenisvolle oorgelewerde gewoontes en tradisies van 'n volk, as waardevolle kultuurskatte oordra.

2.2.1.5.6 Die mens is 'n modaalbepaalde wese

2.2.1.5.6.1 Inleiding

Die mens se tydgebonde aardse liggaam bestaan as 'n enkaptiese struktuurgeheel waarin vier onherleibare substrukture saamgebind is, waarbinne die vyftien modaliteite van die werklikheid funksioneer (Kock, 1975:204 ; Spier, 1950:64; Schoeman, 1975:78 ; Kalsbeek, 1970:280) (paragraaf 2.2.1.4.4).

Die vier strukture is onderskeibaar, maar nie skeibaar nie, want die mens fungeer as 'n eenheid (Kock, 1975:204).

2.2.1.5.6.2 Die fisies-chemiese liggaamstruktuur

Hierdie liggaamstruktuur vorm die basis van die tydelike bestaan van die mens en strek oor die eerste vier modaliteite naamlik getal, ruimte, beweging en energie (Schoeman, 1975:78).

Die fisies-chemiese liggaamstruktuur is die mins-gekompliseerde substruktuur van die menslike liggaam (Dekker, 1983:158). Elke verantwoordelike ouer moet in sy kind se fisiese behoeftes voorsien en seker maak dat die kind nie gebrek ly nie.

2.2.1.5.6.3 Die biotiese liggaamstruktuur

Die biotiese struktuur maak van die fisies-chemiese samestelling 'n lewende wese (Dekker, 1983:158). Die sel-, weefsel- en orgaanstruktuur van die plant, dier en mens verkry die kwaliteite van lewe binne die biotiese liggaamstruktuur (Ouweneel, 1986:198).

Wat die implikasie hiervan vir ouerlike opvoeding betref, moet die kind geleer word om homself te versorg en om voortdurend aan te pas by die verandering, groei en ontwikkeling van sy eie liggaam en van die omgewing (Dekker, 1983:166).

2.2.1.5.6.4 Die psigiese liggaamstruktuur

Hierdie liggaamstruktuur vertoon die gevoelslewe wat saam met die fisies-chemiese en biotiese, die natuurlike deel van die dier en die mens vorm (Heyns, 1982:79). Die psigiese modaliteit met "gevoel" as sinkern (paragraaf 2.2.1.4.4), funksioneer binne hierdie liggaamstruktuur.

'n Deeglike kennis van die gevoels- of emosionele lewe van die opvoedeling is nodig ten einde die ouer-kindverhouding in al sy dimensies te laat slaag. Veral die vertrouensverhouding (paragraaf 2.7.2.3) tussen ouer en kind lei skade wanneer die ouer nie begrip en simpatie met die emosionele lewe van die kind betoon nie.

2.2.1.5.6.5 Die normatiewe aktstruktuur

Die aktstruktuur van die mens dui op die normatief-bepaalde funksies of werksaamhede van die mens in sy totaliteit (Heyns, 1983:84).

'n Akt is 'n menslike handeling waardeur die mens met behulp van die nege modaliteite wat meer gekompliseerd is as die psigiese modaliteit, doelbewus en deur middel van opvoeding homself en die werklikheid ontsluit. (Schoeman, 1975:79 ; Spier, 1946:129).

Die kind se aktstruktuur is nog onontslote en moet dus deur middel van opvoeding tot ontsluiting gebring word. Hierin het die ouer as primêre opvoeder 'n geweldige verantwoordelikheid.

Die ontsluiting van die aktstruktuur geskied nie by alle mense binne dieselfde norm- en waardesisteem nie, omdat mense se lewensopvattings onderling verskil. Vir die Christen verloop die ontsluitingsproses altyd volgens Christelike beginsels, norme en waardes - soos gegrond op die religieuse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing deur die genadewerking van die Heilige Gees (Heyns, 1982: 86).

Die normatiewe aktstruktuur van die mens met sy nege modale funksies (in volgorde van gekompliseerdheid), is reeds in paragraaf 2.2.1.4.4 bespreek en daar word dus nou oorgegaan tot 'n volgende kenmerk soos onderskei in die Christelike antropologie.

2.2.1.5.7 Die mens is 'n individuele wese

Elke mens het 'n eie identiteit en verskil van ander mense (paragraaf 2.2.1.4.3).

Die vraag of die mens 'n sosiale wese of 'n individuele wese is, lok dikwels verskillende argumente uit. Die vraag gaan egter van 'n valse probleemstelling uit en kan dus nie as 'n geldige vraag gestel word nie (Dekker, 1983:173). Die individueel-wees van die mens is 'n struktuurmoment (paragraaf 2.2.1.4.3), terwyl die sosiaal-wees 'n bestaanwyse (modaliteit) van die mens is. Die mens is dus beide individueel en sosiaal van aard.

Vogelaar en Bregman (1984:29) stel ook hierdie vraag, maar sien die antwoord daarop helder en duidelik: "... hoe kan de mens zijn eigenheid behouden en desondanks voluit een sosiaal wezen zijn, dit wil zeggen gericht zijn op zijn medemens...? Dat kan alleen als dat mens zijn wordt gezien in relatie tot God, de Schepper en Onderhouder van zijn leven."

In die mens se verhouding tot God leer hy homself ken as geskapene na die beeld van God. In hierdie lig gesien, is elke mens gelykwaardig voor die Skepper. As geskapenes na die beeld van God, het alle mense egter ook 'n unieke, onherhaalbare, onherleibare persoonlikheid (Van der Walt <u>et al</u>., 1977:134).

Wat opvoeding betref, impliseer bogenoemde dat die mens nie opvoedingskemas kan hê waarin elke opvoedeling moet inpas nie (Dekker, 1983:173). Geen twee opvoedelinge, opvoeders of opvoedingsituasies is dieselfde nie en daarmee moet deeglik rekening gehou word; ook by die bepaling van doelstellings met

Christelike ouerlike opvoeding (paragraaf 2.5.5.).

In Suid-Afrika - en ook vir hierdie navorsing - is bogenoemde 'n baie belangrike beginseluitgangspunt. Voor God is alle mense gelykwaardig - dit wil sê geskapenes na die Beeld van God. Alle mense is egter nie gelyksoortig nie. Laasgenoemde dui op die individualiteit en eie identiteit van elke mens as unieke persoon.

Suid-Afrika se bevolkingsamestelling bestaan hoofsaaklik uit vier hoofgroepe, naamlik die blankes, kleurlinge, swartes en Indiërs. Binne elkeen van hierdie volke is daar weer 'n groot verskeidenheid etniese groeperinge; elk met 'n eie taal en kultuur. Dit maak van Suid-Afrika by uitstek 'n heterogene bevolking.

Ook binne die gesinslewe word hierdie heterogeniteit aangetref. Laasgenoemde word dan ook in die ouer-kind-verhouding gereflekteer. Daar bestaan egter wel, ten spyte van die heterogeniteit in ouer-kind-opvoedingsverhoudinge, 'n stel riglyne waarvolgens die Christen ouerlike opvoeding en ouer-kind-opvoedingsverhoudinge behoort te beskou (paragrawe 2.5 en 2.7). Dit is egter deurgaans belangrik en noodsaaklik om rekening te hou met die individualiteit van elke verhouding tussen 'n ouer en sy kind.

2.2.1.5.8 Die mens is 'n tydse wese

Die mens is as skepsel aan tyd onderworpe. Die mens is egter nie tydelik nie, want hy het na liggaam en siel (in sy eenheid) 'n ewigheidsbestemming (Dekker, 1983:177). As die mens sterf, verwissel hy dus nie die tydelike met die ewige nie, maar die verganklike met die onverganklike - die kind van God het nou al deel aan die ewigheid (Van der Walt & Dekker, 1983:84).

Die tydsheid van die mens het besliste implikasies vir die opvoeding. So gaan die kind met verloop van tyd deur

verskillende ontwikkelingsfases waarby opvoeding in al sy fasette (aard, inhoud, metode, ensovoorts) moet aanpas (Dekker, 1983:177). Die kind is op 'n bepaalde tyd ryp vir die ontsluiting van 'n spesifieke modale funksie. So byvoorbeeld is die kleuter nog te jonk vir die volledige ontsluiting van die estetiese modaliteit; soos om 'n antieke erfstuk vir sy skoonheid te waardeer. Alhoewel dit nie so rigied vasgestel kan word volgens ouderdomsgrense nie, weet die opvoeder (ouer) tog wanneer die opvoedeling (kind) gereed is vir die ontsluiting van 'n spesifieke funksie (Heyns, 1982:123).

2.2.1.5.9 Die mens is 'n eenheidswese

Oor die eenheid van menswees skryf Smit (1988:4) soos volg: "Die Bybelse openbaring oor die skepping van die mens impliseer dat God in die begin konkrete mense skep en nie liggame waarin Hy dan agterna 'n siel inskep nie."

Die mens is dus 'n personale eenheid met wel 'n groot aantal funksies (paragraaf 2.2.1.5.6) wat onderskei word, maar waarvan elk van hierdie funksies so intiem vervleg is, dat hulle nie van mekaar geskei kan word nie (Van der Walt, 1983d:80).

Die onderlinge verweefdheid van menslike liggaam en siel word treffend deur Dekker (1983:182) saamgevat: "... die mens lewe, die lewe van die mens is die lewe van hierdie liggaam, die lewe van hierdie liggaam is die siel, liggaam en siel is dus inmekaar verweef ..."

Die eenheid van die mens hou belangrike implikasies vir gesinsopvoeding in. Wanneer 'n bepaalde menslike funksie verabsoluteer word, lei dit tot eensydigheid in die opvoeding van die kind. Die opvoeder (ouer) moet dus in die ontsluiting van al vier liggaamstrukture van sy kind (paragraaf 2.2.1.5.6), rekening hou met hierdie eenheid. Geen funksie mag belangriker as 'n ander geag word nie, maar die kind moet in sy totale menswees gebring word tot sy bestemming van Godsverheerliking.

Indien deurgaans rekening gehou word met die eenheid van die mens, sal die verhouding tussen ouer en kind ook harmonies funksioneer, sonder dat daar êrens sprake is van wanbalanse en verabsoluteringe.

#### 2.2.1.5.10 Samevatting

Voldoende kennis van die oorsprong, wese en bestemming van die mens is alleen moontlik vanuit die openbaring van God - deur sy Woord en sy werke (Dekker, 1983:185).

Waar hierdie navorsing die toereikendheid al dan nie van ouer-kind-opvoedingsverhoudinge (spesifiek in Ikageng) vanuit Skrifperspektief wil ondersoek, is dit belangrik om deeglik kennis te dra van die Christelike mensbeskouing. Die beginsel van die religieuse gebondenheid van alle mense, asook die beginsel van gelykwaardigheid maar nie-gelyksoortigheid van alle mense, word veral beklemtoon.

Dat die mens 'n wese-in-verhouding is, is een van die mees kenmerkende eienskappe van menswees en 'n religieus-begronde mensbeskouing vorm dus die basis vir gesonde ouer-kind-opvoedingsverhoudinge (paragraaf 2.7).

Die Christen moet eers tot ware kennis van God kom alvorens hy homself ten volle kan ken. In die voorafgaande paragrawe is aangedui hoe die Christen-mens homself en sy medemens ken en daarmee is 'n hoeksteen van die Christelike opvoedingsbeskouing gelê (paragraaf 2.5).

### 2.2.2 Die aard en struktuur van die Christelike huwelik en gesin

#### 2.2.2.1 Oriëntering

Dit is kenmerkend van die Christelike geloof dat dit nie soseer die vasstelling van 'n stel rigiede voorskrifte behels nie, maar

eerder die verkondiging van algemene beginsels - van 'n lewenshouding en geestesgesindheid - soos vasgestel vanuit die perspektief wat die Heilige Skrif bied (Fourie, 1975:99).

Die Christelike grondbeginsels vir die huweliks- en gesinslewe word treffend deur Keyter, soos aangehaal deur Fourie (1975:99) saamgevat. Daarvolgens beklemtoon die Christelike opvatting oor die huwelik en gesin nie alleen die heiligheid van die **monogame** huwelik en gesin nie, maar ook die gelykwaardigheid van die man en vrou, die vryheid van die huwelikskeuse, die besonder bevoorregte plek van die kind in die gesin, die gesamentlike verantwoordelikheid van die ouers vir die welsyn van die kinders en die verpligting van die ouers om hulle so te gedra dat hulle waardige voorbeelde vir die kinders sal wees.

Die mees algemene vorm van die huwelik en gesin in alle beskaafde lande is die **monogame** - dit wil sê een man en een vrou met hulle onmondige kinders (Fourie, 1975:85 ; Keyter, 1940:13).

Uit die huweliksgemeenskap tussen een man en een vrou spruit die gesinsverband voort. Waar 'n gesin dus nie sonder die bestaan van die huwelik tot stand kan kom nie, is dit noodsaaklik om 'n kort uiteensetting van die struktuur van die harmoniese huwelik te gee(paragraaf 2.2.2.2). Hierdie uiteensetting dien ook as agtergrond vir 'n bestudering van die verhouding tussen man en vrou binne die harmoniese huwelik (paragraaf 2.3).

'n Uiteensetting van die aard en struktuur van die Christelike gesin (paragraaf 2.2.2.3) is van groot belang vir hierdie navorsing, aangesien dit in diepte ingaan op die verhoudinge tussen ouer en kind spesifiek in die gesinslewe van die swartmense van Suid-Afrika.

In die laaste plek is 'n presisering van die plek van die **kerngesin** in die samelewing van belang (paragraaf 2.2.2.4) aangesien daar in die navorsing spesifiek op die kerngesin in die industriële samelewing gefokus word (paragraaf 3.3).

Die ideale **Christelike** huwelik en gesin word as eksemplaar vir latere toetsing van empiriese gegewens voorgehou (vergelyk Bylae A) omdat hierdie navorsing in alle opsigte vanuit 'n Christelike uitgangspunt gedoen word.

2.2.2.2 Die struktuur van die Christelike huwelik

'n Huisgesin ontstaan as gevolg van die vereniging van man en vrou in die huwelik - vir die voortbring van 'n nageslag. Die Christelike gesin kan dus nie van die huwelik los gedink word nie (Cilliers, 1974:20 ; Kruger, 1987:186). Huwelik en gesin is dus enkapties vervleg, sonder dat die een in die ander opgaan (Dooyeweerd, 1935:250). Die verhouding of verband tussen huwelik en gesin word deur Dooyeweerd (1935:252) soos volg verduidelik: "Het is in de scheppingsorde zelve gegrond dat het huwelijk normaliter tot gezinsvorming leidt, ..."

Die huwelik behou dus deurgaans 'n eiesoortige struktuur - ten spyte van die vervlegting met die gesin (Dooyeweerd, 1935:253). Die huwelik word dus van die gesin onderskei, maar nie geskei nie (Postma, 1987: 91).

Sonder die voorafgaande huwelik kan daar dus in terme van Christelike gedragskodes geen sprake wees van gesinsvorming nie. Om hierdie rede kan geen volledige beeld van die struktuur en opvoedingstaak van die huisgesin verkry word alvorens daar nie duidelikheid oor die struktuur van die Christelike huwelik is nie (Cilliers, 1974:20).

God het man en vrou geskape. Hulle was albei afsonderlike skeppinge van God, elkeen met 'n eie aard en karakter; en tog was hulle nie twee nie maar een. Man en vrou vorm deur die huwelik 'n twee-eenheid wat in die kinders wat gebore word, weer uitgebrei word tot 'n veel-eenheid. Die klem val deurgaans op die **eenheid** (Dooyeweerd, 1935:250). Man en vrou is dus van die begin af deur God **gelykwaardig** geskape (Keyter, 1940:48). Nie een van die twee geslagte kan as minderwaardig teenoor die ander

geag word nie (vergelyk paragraaf 3.5.3.2.7). God het dus die huwelik van een man met een vrou ingestel (monogamie) en hiermee telkens die **nuwe** vestiging van 'n selfstandige gesin verordineer (Erasmus, 1942:10).

Volgens Smuts (1958:121) is "die huwelik die mees bindende, vrugbare en bevredigende vennootskap wat daar is". Dit is 'n verhouding tussen man en vrou wat moet groei en ontwikkel as dit lewendig wil bly. Hierdie groei en verdieping is alleen moontlik wanneer man en vrou dieselfde lewensopvatting het - soos gegrond op 'n spesifieke religieuse grondmotief (Postma, 1985:43).

God, die Skepper van die ganse werklikheid, het ook die huwelik self ingestel en dit moet deur die mens op hierdie aarde in stand gehou word - in gehoorsaamheid aan God se Wet (Postma, 1987:92 ; De Vries, 1980:7). In die verband skryf Bavinck (1908:90) soos volg: "Het huwelijk is ... door God zelven bij de schepping ingesteld. Het is niet goed dat de mensch alleen zij..."

Die huwelik is dus 'n primêre samelewingsverband (deur God self ingestel) en openbaar dieselfde vier struktuurmomente van die werklikheid, naamlik die religieuse, die temporele, die modale en die individuele fasette (Postma, 1987:93) (vergelyk paragraaf 2.2.1.4).

**Religieus** kan die huwelik as samelewingsverband Godgerig of afgodgerig wees (Postma, 1987:93). Die Christen-gelowige besef dat 'n gelukkige huwelik alleen moontlik is in ware liefde tot God, die Skepper van alle dinge.

Waar daar 'n tyd van verlief wees, verloof wees, van trou en van kinders hê bestaan, is dit duidelik dat die huwelik in sy wese aan **tyd** gebonde is (Postma, 1985:10). Die aard van die liefde tussen man en vrou verander ook met verloop van tyd. Aanvanklik is die liefde meer op die erotiese aspek gerig, maar verinnig gaandeweg na 'n dieper en ryper liefde (Postma, 1987:93).

Die huwelik openbaar verder in sy wyse van bestaan (**modaliteit**) al vyftien die bestaanswyses waarvan daar in die modale struktuurmoment van die werklikheid sprake is (paragraaf 2.2.1.4.4)(Postma, 1987:94 ; Van der Walt, 1983d:68-72 ; Kalsbeek, 1970:98).

Vir die doel van hierdie afdeling word slegs aandag bestee aan die funderings- en bestemmingsfunksie van die huwelik as 'n verskynsel in die werklikheid.

Die historiese modaliteit met kultuurvormende mag as sinkern (vergelyk paragraaf 2.2.1.4.4) vorm die funderingsfunksie van die huwelik, aangesien twee mense wat in die huwelik verbind word, 'n nuwe samelewingsverband tot stand bring (Postma, 1987:95).

Met die liefde tussen man en vrou as belangrikste kenmerk van die harmoniese huwelik is die huwelik se bestemming geleë in die etiese modaliteit met liefdesorg as sinkern (Postma, 1987:94).

In die laaste plek vertoon die huwelik 'n eie **individuele** struktuur wat hom van alle ander samelewingsverbande onderskei (Postma, 1987:96).

### 2.2.2.3 Die aard en struktuur van die Christelike gesin

Vir die Christenmens is die huisgesin in die oorspronklike skeppingsordinansie van God gewortel (Erasmus, 1942:9). God wil die menslike geslag binne die gesinsverband uitbou. Die Christen is geroepe om die gesin wat uit een man, een vrou en kind(-ers) bestaan, in stand te hou en te respekteer tot eer van God (Postma, 1987:98).

Die gesin is dus, net soos die huwelik (paragraaf 2.2.2.2), 'n primêre samelewingsverband, dit wil sê deur God self ingestel (Postma, 1987:8; Van der Walt & Dekker, 1983:92).

Algemeen gesproke kan drie basiese gesinstipes onderskei word

(Cilliers, 1974:14). Die eerste en mees basiese hiervan, is die nukleêre gesin (kerngesin)(paragraaf 3.2.2). Hierdie gesin is tipies saamgestel uit een getroude egpaar (een man en een vrou) met hul afhanklike kinders (Cilliers, 1974:14). Die ander twee gesinstipes is die poligame (paragraaf 3.2.3) en die uitgebreide (paragraaf 3.2.4) gesinstipes.

Een van die vernaamste kenmerke van die struktuur van die nukleêre gesin (kerngesin), is sy eenheid. Dit is 'n gemeenskap waarin elke lid deur bande van bloed op die mees intieme wyse verbind word (Fourie, 1975:36; Dooyeweerd, 1935:210). In hierdie verband skryf Van Dijk, soos aangehaal deur Jordaan (1967:11) en Combrinck (1980:6) soos volg: "Het gezin is het intieme levensverband tussen ouders en kinderen gefundeerd in de natuurlijke afstamming en bloedverwantschap naar de norm der onderlinge liefde."

Met behoud van elke lid van die gesin se individualiteit en selfstandigheid, vorm elke nuwe gesin 'n unieke eenheid (Erasmus, 1942:11). Hierdie eenheid vorm 'n gemeenskap van lede wat bymekaar hoort en saamlewe omdat God dit so beskik het (Bavinck, 1908: 118). Deur gemeenskaplike godsdiens, taal, sedes en tradisies word hierdie eenheid bewaar (Bavinck, 1908: 120).

Geen ander instansie kan die huisgesin met sy unieke struktuur vervang nie. Die harmoniese gesin met sy gees van liefde, van onderlinge begrip en simpatie, van welwillendheid, veiligheid en meelewing, is die ideale en beste opvoedingsgemeenskap (Fourie, 1975:36 ; Bavinck, 1908:120). Dit is hier waar die kind gedurende sy eerste lewensjare leer wat die wese van 'n harmoniese gemeenskapslewe is (Fourie, 1975:37). Die kind leer dus die kuns van 'n geordende saamleefstruktuur ken (Pretorius, 1988:30). Deur die gesinslewe leer die kind wat in sosiale opsig, volgens bepaalde kultuurnorme goedgekeur en afgekeur word. Hy leer wat onbaatsugtigheid en respek vir die medemens beteken.

Volgens Jordaan (1967:14) beklee die gesin 'n kernposisie in die

sosiale struktuur en word die hele samelewing opgebou uit gesinseenhede. Jordaan (1967:13) beweer selfs dat geen ander organisasie die gesin in die intensiteit van sosiale belangrikheid oortref nie.

Net soos die huwelik (paragraaf 2.2.2.2) openbaar die gesin ook die vier struktuurmomente van die werklikheid (vergelyk paragraaf 2.2.1.4).

**Religieus** bely die Christen dat God die gesin as primêre samelewingsverband ingestel het (Postma, 1987:98).

Die gesin vertoon ook die **temporele** faset van die werklikheid. So is daar 'n tyd vir trou en vir kinders kry (Postma, 1987:98). Ouers moet saam met hulle kinders al die ontwikkelingsfases vanaf babadae tot uiteindelike volwassenheid met vreugde en dankbaarheid beleef (Postma, 1987:99).

Wat die **modale** faset van die gesinslewe betref, openbaar die gesin in sy bestaanswyse al vyftien die modaliteite (paragraaf 2.2.1.4.4). Dit is dan ook hierdie modaliteite wat as riglyn dien by die formulering van die doelstellings van Christelike ouerlike opvoeding (vergelyk paragraaf 2.5.5). Vir die doel van hierdie paragraaf word slegs ingegaan op die modaliteite waarin die gesin sy funderings- en bestemmingsfunksie vind.

Aangesien die gesin na sy struktuur op bloedverwantskap berus (Dooyeweerd, 1935:210) is die ouerhuis gefundeer in die biotiese modaliteit (Jordaan, 1967:15 ; Van der Walt & Dekker, 1983:91 ; Postma, 1985:19).

Daarteenoor vind die huisgesin sy leidende of bestemmingsfunksie in die etiese funksie, dit wil sê in wedersydse ouer- en kinderliefde (Van der Walt & Dekker, 1983:91).

In hierdie verband onderskei Van der Walt en Dekker (1983:91) tussen die interne bestemming van die gesin en sy eksterne

doelordening. Die interne bestemming lê uitsluitlik in die etiese - die liefde. Die eksterne doelordening dui op die mede-diensbaarheid van gesinsopvoeding tot verantwoordelike lede van 'n harmoniese samelewing.

Die harmoniese gesin dien dus as 'n oefenskool vir uiteindelike selfstandige en suksesvolle sosiale optrede in die breë samelewing. Die ouer-kind-opvoedingsverhouding vorm dan die basis van toekomstige gebalanseerde intersamelewingsverhoudinge (Griessel, 1975; Verster, s.a.). Hierdie navorsing wil dan juis probeer aantoon hoe gesonde ouer-kind-opvoedingsverhoudinge - in wedersydse liefde - moontlik riglyne kan bied eerstens vir die herstel van disharmonie in die gesin en tweedens vir die skep van beter nasionale verhoudinge in Suid-Afrika en die uiteindelike moontlike stabilisering van geweld en oproer in baie van die swart woongebiede.

Wat die vierde struktuurmoment van die werklikheid betref, het die gesin 'n unieke samestelling wat hom van alle ander strukture in die werklikheid onderskei (Postma, 1987:99). Die gesin het dus 'n eie **individualiteit** en bevoegdheidsterrein.

Aangesien die ouerhuis wat sy aard en struktuur betref so uniek is, sal ouerlike opvoeding eers ontleed moet word, alvorens uitsprake gemaak kan word oor die toereikendheid al dan nie van ouer-kind-opvoedingsverhoudinge in sekere swart gesinne in die dorp, Ikageng (paragraaf 5.2.2.2). Die uniekheid van die ouerhuis hou dus in dat ouerlike opvoeding eiesoortig is. In paragraaf 2.5 word in diepte gekyk na verskeie dimensies van Christelike ouerlike opvoeding.

#### 2.2.2.4 Die plek van die kerngesin in die samelewing

Alhoewel die strukturele eenheid van die kerngesin een van die vernaamste kenmerke van hierdie gesinstipe uitmaak (vergelyk paragraaf 2.2.2.3), impliseer dit hoegenaamd nie dat die gesinslewe heeltemal uitgeskakel raak uit die samelewingstruktuur

nie (Cilliers, 1974:18). Inteendeel, die gesin skakel met die meeste van die gedifferensieerde organisasies en stelsels in die samelewing. Neem maar die geval van die gedifferensieerde ekonomie: man en vrou is beide lid van 'n gesin en vervul terselfdertyd 'n beroepsrol (Cilliers, 1974:19).

Die huisgesin vorm die plek waar die kind vanuit 'n beskermde atmosfeer in aanraking gebring word met die verskillende sektore van die samelewing. In die gesin leer die kind om in die behoeftes van die samelewing te voorsien en so 'n bydrae te maak tot stabiliteit en vooruitgang in die gemeenskap (Goode, 1982:3). 'n Samelewing wat uit gesinne met 'n gesonde struktuur bestaan, sal meer vrede en sosiale harmonie openbaar (Anon, 1986:4 ; Pretorius, 1988:35).

Hoewel die gesin uit subsisteme van verhoudinge (man-vrou, ouer-kind, kind-kind) bestaan wat 'n volledige eenheid op sigself vorm, is hierdie eenheid ingeskakel by die groter omringende samelewing. Soos Goode (1982:3) dit stel: "The family, then, is made up of individuals, but it is also a social unit and part of a larger social network. Families are not isolated, self-enclosed social systems."

Die huisgesin is dus vir die samelewing van groot belang, aangesien dit as 'n oefenskool vir die lewe dien (Raath, 1958: 35). In die gesin kry die kind in klein formaat te doen met bykans al die faktore van die samelewing waarmee hy uiteindelik as volwassene gekonfronteer gaan word. Die kind leer om die wrywingsvlakke wat kontak tussen mens en mens meebring, te hanteer en dit word moontlik om uiteindelik 'n verantwoordelike deelgenoot van die samelewing te wees (Pretorius, 1988:17). Die samelewing stel eise aan die volwassene en om daaraan te kan voldoen, moet met hierdie eise reeds in die ouerhuis kennis gemaak word (Blok, 1958:13).

Wat die plek van die kerngesin in die samelewing betref, is dit nodig om aandag te skenk aan die beginsels van soewereiniteit

- en universaliteit in eie kring (Van der Walt, 1983:238).

Die **beginsel van soewereiniteit in eie kring** gee uitdrukking aan die relatiewe selfstandigheid van die samelewingsverbande ten opsigte van mekaar. So is die huisgesin 'n samelewingsverband met 'n eie unieke struktuur en identiteit wat sy eiesoortigheid bepaal (Van der Walt, 1983:247).

Elke samelewingsverband moet 'n ander se selfstandigheid en gesag op sy betrokke terrein erken en eerbiedig (Spier, 1950:28). Hierdie soewereiniteit in eie kring is egter beperk en nie absoluut nie - slegs God besit absolute gesag (Kalsbeek, 1970:89 ; Fourie, 1975:22).

Die samelewingsverbande hang egter ook nou met mekaar saam en daar moet met die onderlinge vervlegtheid of **beginsel van universaliteit in eie kring** rekening gehou word (Van der Walt, 1983:238).

Aangesien elke mens **tegelykertyd** lid is van verskillende samelewingsverbande, kan hulle nie van mekaar geïsoleer word nie en staan hulle in 'n harmoniese vervlegtingsverband tot mekaar (Van der Walt, 1983:253 ; Fourie, 1975:22).

Stoker, soos aangehaal deur Fourie (1975:22) beklemtoon die harmonie wat daar tussen die verbande behoort te bestaan: "Elke menslike verband mag sy eie spesifieke roeping hê, sy roeping vereis die roepinge van die ander as harmoniese aanvulling, omdat die roepinge van almal saam 'n groot harmoniese geheel vorm en nie van mekaar isoleerbaar is nie." Hierdie harmonie word verbreek sodra die een samelewingsverband vir die ander begin wette en reëls maak (Van der Walt, 1983:253).

Waar die harmoniese huisgesin die eenheid is waaruit die samelewing met sy verskillende menslike verbande opgebou word en waaruit alle ander samelewingsverbande dus voortvloei, kan elke gesin beskou word as 'n bousteen van die samelewing. Die

suksesvolle huisgesin gaan homself nie selfsugtig van die samelewing isoleer nie, maar staan deurgaans - met behoud van sy eie hegtheid - in diens van die gemeenskap (Raath, 1958:38 ; Kruger, 1987:186).

2.2.2.5 Samevatting

Dit spreek duidelik uit die twee beginsels van soewereiniteit en universaliteit in eie kring dat die kerngesin as sodanig 'n besondere plek in die samelewing beklee. Die kerngesin kan naamlik nooit los van die breër samelewing funksioneer nie en die samelewing is op sy beurt vir sy harmoniese bestaan van 'n gesonde en harmoniese gesinstruktuur afhanklik. Dit blyk dus duidelik dat nie een van die twee genoemde beginsels verabsoluteer kan of mag word nie.

Hoewel die verskillende samelewingsverbande dan tot steungewing en samewerking verplig is, mag hulle nie mekaar se grense oorskry nie (Fourie, 1975:23). Elke verband het sy eie lewenswet van God ontvang. Daar kan egter wel situasies ontstaan waar 'n samelewingsverband sy plig verwaarloos of deur praktiese omstandighede verhinder word om sy taak uit te voer (Fourie, 1975:25). In sodanige noodsituasies is hulp en voorligting noodsaaklik aangesien die verbrokkeling van die harmonie en eenheid van die gesin die ondergang van die hele samelewing kan beteken (Fourie, 1975:38).

In hierdie navorsing word beoog om vas te stel of daar opvoedingsleemtes in sommige swart gesinne in Ikageng bestaan, al dan nie. Indien wel, sal gepoog word om 'n stel riglyne aan te bied wat as hulpmiddel kan dien vir daardie gesinne waar die opvoedingshandeling ontoereikend plaasvind (paragraaf 5.2.3). Op dié wyse kan stabiliteit en vooruitgang in daardie woongebiede waar opstand en wangedrag 'n algemene verskynsel is, moontlik word. Indien harmoniese ouer-kind-opvoedingsverhoudinge in Ikageng geïdentifiseer word (Bylae B, vrae B5 tot B14), kan dit gebruik word as uitgangspunt en verwysingsraamwerk vir die

daarstel van opvoedingsriglyne aan ouers wat wel in opvoedingsnood verkeer.

## 2.3 DIE VERHOUDING TUSSEN EN DIE ROL VAN MAN EN VROU BINNE DIE HARMONIESE HUWELIK EN GESIN

Die huweliksverhouding (man en vrou) is die mees basiese verhouding in die gesin. As hierdie verhouding verkeerd loop, kan gesinsopvoeding (paragraaf 2.5) nie slaag nie (Eloff, 1985:39).

Die norme vir liefde - soos deur God voorgeskryf in sy Woord - dien as grondslag vir 'n harmoniese verhouding tussen een man en een vrou in die huwelik (Combrinck, 1980:106). Vir die Christen-gelowige gaan die huwelik en die liefde hand aan hand en ware liefde dien dan ook as die belangrikste faktor vir die keuse van 'n huweliksmaat (De Vries, 1980:18).

Oor die besondere band wat daar tussen man en vrou in die huwelik heers, skryf De Vries (1980:7) soos volg: "Marriage, the bond between a man and a woman who promise love and faithfulness to each other for life, is one of life's most fundamental relationships."

Man en vrou deel 'n lewe van vreugde en hartseer, van voorspoed en terugslag, van gesondheid en siekte, maar deur dit alles heen, staan die liefde tot God sentraal. As man en vrou in 'n verhouding staan waar hierdie liefde tot God ontbreek, ontbreek alle diepte. Omdat die mens in sy verhouding tot God deur die soendood van Christus herstel is, het man en vrou die taak om God uit dankbaarheid ook in hul verhouding te dien.

In só 'n verhouding gee die man leiding en vervul hy 'n beskermende rol teenoor die vrou wat haar man te alle tye ondersteun en 'n huislike atmosfeer skep (De Vries, 1980:115). Die man is dus wel deur God as hoof van die huis aangestel - maar nie met die doel om die vrou as dienskneg of slaaf te laat optree nie.

Voor God is man en vrou gelykwaardig - hoewel elkeen 'n unieke, onherhaalbare karakter dra. God het man en vrou na Sy beeld geskape. Om hierdie rede is "de vrouw mensch in niet mindere mate dan de man" (Bavinck, 1980:84).

Die verhouding tussen man en vrou moet steeds dieselfde kwaliteite behou - al is daar reeds met 'n gesin begin. Ouers moet deurgaans bewus wees van die belangrikheid wat die beeld van hul liefde vir mekaar by die kinders skep (Combrinck, 1980:106). Hierdie beeld is belangrik vir die totale opvoeding en veral die sosiale ontwikkeling van die kind (Postma, 1988:92 ; Postma, 1987:91).

Wat die rol van die vader in die harmoniese gesin betref, leer die Bybel dat die vader bedoel is om 'n liefdevolle gesagsfiguur en hoof van sy huis te wees (Marais, 1989:33). Die vrou se ideale rol is om saam met haar man voldoende tyd en aandag aan die kinders te bestee. Hoewel hierdie rol in die hedendaagse, moderne samelewing bemoeilik word deurdat baie vroue vanweë hoë lewenskostes verplig is om te werk, behoort die moeder steeds tyd te maak om saam met haar man en kinders te wees (Marais, 1989:47).

Wat belangrik is, is dat man en vrou deur God gelykwaardig geskape is, maar terselfdertyd oor spesifieke vader-moeder-rolle beskik wat nie uitruilbaar is nie (Keyter, 1940:48 ; Marais, 1989:33).

Binne die konteks van die navorsingstema, word in dié verband gedink aan die verhouding tussen en rol van man en vrou in die tradisionele swart gesin (paragrawe 3.4.4.5 en 3.4.4.9). In die tradisionele opset beklee die vrou 'n minderwaardige posisie ten opsigte van die man en word as sy ondergeskikte beskou (Steyn et al., 1990:275). Deur die aanraking van die tradisionele swartmense met onder andere die Christendom, het daar egter belangrike veranderinge in hierdie mense se lewenswyse ingetree (paragrawe 3.5.2 en 3.5.3). Die Christelike godsdiens het onder

andere wat die rol van en verhouding tussen man en vrou betref, 'n gelykmaking van status tussen man en vrou bevorder (paragraaf 3.5.3.2.7).

Waar disharmonie tussen man en vrou heers, kan daar moeilik sprake wees van harmonie tussen ouer en kind. Waar hierdie navorsing ondersoek instel na die stand van ouer-kind-opvoedingsverhoudinge in geïdentifiseerde kerngesinne in die swart dorp Ikageng, is dit duidelik dat daar ook ondersoek ingestel sal moet word na die aard van die verhoudinge tussen man en vrou (Bylae B, vraag B1).

## 2.4 VERHOUDINGE TUSSEN KINDERS ONDERLING BINNE DIE HARMONIESE GESIN

Behalwe die verhouding tussen die ouers onderling en tussen die ouers en kinders, is daar in elke gesin ook nog die natuurlike, intieme en openhartige verhoudinge van die kinders onder mekaar (Strating, 1985:28).

Die lewenservaring wat in die verhoudinge tussen die kinders onderling opgedoen word is enig van sy soort, diepgaande en deurlopend. Elke kind kry geleentheid om ongekunsteld op te tree en leer in hierdie proses ook baie van homself en sy medemens. Hierdie ervaring verseker dat die kind blywende waardering vir die menswaardigheid van ander ontwikkel (Strating, 1958:29). Op hierdie wyse leer die kind om met ander saam te lewe en soms sy eie eise op die agtergrond te skuif. Hierdie saamleeftydperk vorm 'n noodsaaklike leerskool waarin die lewenskuns om uiteindelik as volwassenes in 'n komplekse samelewing sinvol en vreedsaam te lewe, op 'n gesonde en ewewigtige wyse aangeleer word (Strating, 158:29). Persoonswarme, liefdevolle en betroubare verhoudinge in die gesin - ook tussen die kinders onder mekaar - is dus die basis van suksesvolle volwasse sosiale verhoudinge (Pretorius, 1988:37).

Die aard van die verhoudinge tussen kinders onderling in

geïdentifiseerde gesinne in Ikageng, word in vraag B1 (Bylae B) empiries ondersoek.

## 2.5 CHRISTELIKE OUERLIKE OPVOEDING

### 2.5.1 Vooraf

Deur Christelike ouerlike opvoeding leer die verbondskind om sy opdrag as profeet, priester en koning met verantwoordelikheid uit te voer (Van der Walt & Dekker, 1983:225; Waterink, 1951:57).

'n Ondersoek na die basiese, universele eienskappe (grondtrekke) van egte opvoeding (paragraaf 2.5.2) asook die spesifieke kenmerke van Skrifmatige (ware) opvoeding (paragraaf 2.5.3), vorm die vertrekpunt waarvandaan wetenskaplik-verantwoordbare definisies van egte en Skrifmatige opvoeding geformuleer kan word (paragraaf 2.5.4). Met sodanige definisies is 'n duidelike uiteensetting van die doelstellings van Christelike ouerlike opvoeding moontlik (paragraaf 2.5.5).

Die noodsaaklikheid (paragraaf 2.5.6) en moontlikheid (paragraaf 2.5.7) van opvoeding word kortliks bespreek waarna ten slotte gekyk word na enkele ongunstige faktore wat die ouerlike opvoedingstaak begrens (paragraaf 2.5.8).

Egte en ware opvoeding behoort in Christelike ouerhuise plaas te vind en word in hierdie navorsing as model voorgehou waarteen ouer-kind-opvoedingsverhoudinge in Ikageng getoets word (vergelyk Bylae A).

### 2.5.2 Grondtrekke van egte opvoeding

#### 2.5.2.1 Vooraf

Alvorens begin kan word met enige navorsing wat verband hou met opvoeding, is dit noodsaaklik dat die navorser eers duidelikheid verkry oor die basiese of algemeen-geldende eienskappe van die

verskynsel **opvoeding** (Van der Walt & Dekker, 1983:108).

Deur die bepaling van die universele grondtrekke van die opvoedingsverskynsel, dring die navorser deur tot die wese van opvoeding wat daarvan inderdaad opvoeding maak, en nie iets anders nie (Van der Walt & Dekker, 1983:115). Hieruit word dit dan moontlik om 'n definisie te gee van egte opvoeding soos dit deur alle mense erken word.

Wat belangrik is, is die feit dat 'n lys van universele grondtrekke nog glad nie die opvoedingsverskynsel aan 'n spesifieke lewensopvatting koppel nie. Dit beteken hoegenaamd nie dat 'n neutrale benadering tot wetenskaplike navorsing gehandhaaf word nie. Inteendeel, hiermee word die opvoedingsverskynsel juis op 'n wetenskaplikverantwoordbare wyse benader, omdat die navorser seker maak dat alle opvoedkundiges - ongeag hulle lewensopvatting - begryp wat met die begrip "opvoeding" bedoel word.

2.5.2.2 Grondtrekke van egte opvoeding

Opgesom word die grondtrekke van egte opvoeding soos volg geformuleer (Dekker, 1983:104 ; Waterink, 1951:27 ; Coetzee, 1965:24 ; Van der Walt, 1983:40 ; Van der Walt & Dekker, 1983:109,123,126,146-147 ; Van der Walt & Postma, 1987:159-160 ; Oberholzer, 1986:34-35,42,51,56,82 ; Langeveld, 1952:141 ; Du Plooy & Kilian, 1980:10-14) :

* egte opvoeding is lewensopvatlik gerig
* egte opvoeding is 'n verskynsel met ontiese status en is daarom kenbaar en ontleedbaar
* egte opvoeding is 'n tipies menslike verskynsel
* in 'n egte opvoedingsituasie is die opvoeder as volwasse mens 'n selfstandige, mondige, oordeelkundige en verantwoordelike persoon, terwyl die opvoedeling as 'n nog-nie-volwassene, op weg is na hierdie volwasse staat
* egte opvoeding het 'n verhouding-, verloop-,

bedrywigheids- en doelstruktuur

* die opvoeder beskik oor spesifieke kenmerke
* die opvoedeling moet aktief deelneem aan die opvoedingsituasie
* egte opvoeding vind altyd in 'n georganiseerde praktyk plaas
* egte opvoeding is 'n bewustelike handeling
* egte opvoeding is periodiek van aard

#### 2.5.2.3 Samevattende gedagtes

Die universele grondtrekke soos hierbo uiteengesit, is kenmerkend van opvoeding, ongeag die lewensopvatting wat gehuldig word. Hierdie kenmerke beantwoord die ontologiese vraag, naamlik **wat opvoeding is**, op 'n algemeengeldende wyse.

Daardeur word seker gemaak dat daar ooreenstemming heers oor die basiese eienskappe van opvoeding en kan 'n definisie van egte opvoeding geformuleer word wat duidelik tot alle opvoedkunde-navorsers spreek (paragraaf 2.5.4).

Die doel met 'n uiteensetting van die universele grondtrekke van opvoeding, is om uiteindelik 'n model van 'n harmoniese opvoedingsituasie te gee waarteen die ouer-kind-opvoedingsverhoudinge in die swart dorp Ikageng empiries geverifieer kan word (vergelyk Bylae A).

### 2.5.3 Kenmerke van (egte) en ware (Skrifmatige) opvoeding

#### 2.5.3.1 Vooraf

Die universele grondtrekke (paragraaf 2.5.2) van egte opvoeding, geld ook vir ware opvoeding. Met ware opvoeding word bedoel dat dit in die besonder voldoen aan die norme en waardes van 'n spesifieke lewensopvatting. Ouers as primêre opvoeders is die belangrikste vormers van hul kinders se lewens- en wêreldbeskouing. Om dié rede moet ware ouerlike opvoeding suiwer

volgens vaste lewensopvatlike beginsels geskied (Postma, 1985:18).

Vir die Christen is opvoeding "waar" wanneer dit die lig van die Skrif kan verdra (Van der Walt & Dekker, 1983:169). Die Bron vir ware opvoeding lê dus vir die Christen-opvoeder in die Woord van God. Daar is geen ander weg om die kind te bring tot kennis van sy roeping op aarde nie (Oberholzer, 1968:78). Hierdeur word aan die kind volkome toerusting gegee tot 'n lewe in diens van sy Skepper (Coetzee, 1965:79).

Deur Christelike ouerlike opvoeding ervaar beide ouer en kind die vreugde en verdieping van 'n lewe gelei in diens van God (Waterink, 1954:134).

2.5.3.2 Kenmerke van egte en ware opvoeding

Opgesom, word die kenmerke van ware Skrifmatige opvoeding soos volg geformuleer (Van der Walt & Dekker, 1983:172-178) :

* Leiding van die opvoedeling tot roepingsvervulling waardeur sy hemelburgerskap bevestig word,
* toerusting sodat die beeld van God toenemend gestalte vind in sy kinders,
* 'n driepolige handeling tussen opvoeder en opvoedeling, tot God,
* 'n ontmoetingshandeling waarin opvoeder en opvoedeling mekaar in God se teenwoordigheid ontmoet,
* 'n gesagshandeling waarin die opvoeder sy Godgegewe gesag in verantwoordelikheid en liefde uitoefen en die opvoedeling homself vrywillig daaraan onderwerp,
* toerusting van die **volle** mens as eenheidswese; in Goddelike liefde, respek en vertroue,
* hulp tot Christelike beskawingsvolwassenheid waar die kind vrywillig sy roeping van diens aan God en naaste aanvaar en uitleef en
* opvoeding tot geloof in God-drie-enig.

2.5.3.3 Samevattende gedagtes

Waar dit nou duidelik is wat die besondere kenmerke van Skrifmatige opvoeding is, kan oorgegaan word tot 'n wetenskaplik verantwoordbare en vas begronde definisie van ware opvoeding - in Skrifperspektief.

2.5.4 Egte en ware opvoeding gedefinieer

2.5.4.1 Egte opvoeding

Met die universele grondtrekke van opvoeding in ag geneem, kan oorgegaan word tot 'n eie definisie van egte opvoeding, nadat verskeie vooraanstaande opvoedkundiges se definisies vir egte opvoeding bestudeer is (vergelyk Van der Walt & Dekker, 1983:25 ; Oberholzer, 1986:82; Coetzee, 1965:66-67 ; Waterink, 1951:12 ; Keyter, soos aangehaal deur Fourie, 1975:4 ; Strydom, soos aangehaal deur Fourie, 1975:7).

Nadat vergelykenderwys na genoemde opvoedkundiges se beskouinge oor egte opvoeding gekyk is, het dit opgeval dat hulle almal dit eens is dat opvoeding - universeel beskou - die bewuste, opsetlike beïnvloeding van 'n nie-volwassene deur 'n volwassene is, met die doel om laasgenoemde te begelei op die weg na uiteindelike volwassenheid.

Wat verder uitstaan is die aktiewe deelname van die opvoedeling aan die opvoedingsproses, die belangrikheid van 'n gesonde verhouding tussen opvoeder en opvoedeling en die leidende invloed van geloofsnorme (lewensopvatting) in die proses van opvoeding.

'n Saak wat veral deur Waterink (1951:26) sterk beklemtoon word, is naamlik dat die proses van opvoeding gerig moet wees op die ontplooiing van die kind in sy **totale** menswees. Eensydigheid in die opvoeding van die kind, lei tot 'n wanbalans in sy lewe.

Met die bestudeerde bronne as agtergrondkennis, kan 'n eie

definisie van egte opvoeding soos volg geformuleer word:

Egte opvoeding is die bewuste bemoeienis van 'n selfstandige, verantwoordelike, volwasse persoon met 'n onselfstandige, nie-verantwoordelike, nie-volwasse persoon, met die doel om laasgenoemde te steun en te begelei in die geleidelike proses van volwassewording; waarby die steunontvangende, begeleide persoon aktief betrokke is.

2.5.4.2 Ware opvoeding - vanuit Skrifperspektief

Christelike (Skrifmatige) opvoeding word gedefinieer met die universele grondtrekke asook die besondere kenmerke van Skrifmatige opvoeding as vertrekpunt.

Sonder om in besonderhede in te gaan, word 'n baie volledige definisie van ware opvoeding deur Van der Walt en Dekker (1983:178) geformuleer, waarmee in hierdie navorsing ten volle akkoord gegaan word:

"Christelike of Skrifmatige opvoeding kan nou omskryf word as 'n doelbewuste, opsetlike en waarheidsgenormeerde handeling waarby ('n) mondige persoon(e) wat uit liefde vir God en die naaste gedronge en in volle besef van sy roeping met betrekking tot die kosmos ('n) onmondige persoon(e) help, lei, rig, oorhaal en vorm tot vrywillige en roepingsbewuste aanvaarding en uitlewing van sy roeping om God met sy hele lewe te dien, sy koninkryk op alle terreine uit te brei en sy naaste se heil te soek en te bevorder en die kosmos te ontgin en tot volle ontsluiting te bring."

Hierdie konsep van opvoeding dien ook in die empiriese ondersoek as verwysingsraamwerk waarteen ouer-kind-opvoedingsverhoudinge in Ikageng getoets word (vergelyk Bylae A).

### 2.5.5 Doelstellings met Christelike ouerlike opvoeding

#### 2.5.5.1 Vooraf

Met opvoeding is daar nie 'n enkelvoudige doel nie, maar 'n reeks doelstellinge (Fourie, 1975:41). Coetzee (1965:212) maak 'n onderskeid tussen onmiddellike of nabysynde doelstellings; verwyderde of verderliggende doelstellings en die einddoel met opvoeding - soos gegrond op 'n spesifieke religie - in dié navorsing die Christelike religie.

'n Spesifieke mensbeskouing dien as riglyn by die bepaling van die opvoedingsdoelstellings. Opvoeding wat doelbewus plaasvind veronderstel 'n bepaalde beskouing oor die mens. Hierdie mensbeskouing bepaal met hoeveel respek die opvoeder die opvoedeling bejeën (en andersom) en het derhalwe 'n beslissende uitwerking op die doelstellings met die opvoedende handeling (Waterink, 1951:51) (vergelyk paragraaf 2.2.1.5).

Vir die Christen-opvoeder is die mens 'n eenheidswese en hierdie mensbeskouing is van uiterste belang by die formulering van doelstellings met Christelike ouerlike opvoeding. Waterink (1956:15) verduidelik dit soos volg:

"Maar ik mag daarbij de eenheid van het kinderleven nooit uit het oog verliezen. Het is altijd 'het kind', waarover ik het heb: het gehele kind, met al zijn kanten en met al zijn bezit aan mogelijkhede en gaven."

Geen opvoedingshandeling kan sinvol plaasvind as dit nie met 'n besondere doel voor oë geskied nie. Die ouer as opvoeder moet weet waarheen hy wil en watter waardes hy aan die kind wil oordra ten einde sin aan die kind se volwassewordingsproses te verleen (Van der Walt & Dekker, 1983:204).

Die einddoel met opvoeding wat in 'n spesifieke religie wortel, bepaal die onmiddellike en verwyderde opvoedingsdoelstellings.

God gee aan elke verbondsouer die opdrag om sy kind in die vrese van die Here te onderrig. Dit is daarom noodsaaklik dat 'n ouer elke opvoedingsdoel ondergeskik stel aan die allesomvattende einddoel, naamlik om God te ken wat ons geskape het (Van der Walt & Dekker, 1983:217). Om hierdie rede word die einddoel van Christelike ouerlike opvoeding eerste bespreek (paragraaf 2.5.5.2). Hierdie doelstelling neem wel in tyd die langste om te verwesenlik, maar gee sin en betekenis aan al die ander doelstellings.

Daarna volg 'n uiteensetting van die onmiddellike (paragraaf 2.5.5.3) en verwyderde doelstellings (paragraaf 2.5.5.4) met Christelike ouerlike opvoeding.

2.5.5.2 Die einddoel van opvoeding

Vir die Christen is die mens bo alles 'n religieuse wese wat die sin van sy bestaan alleen vind in die God van die Heilige Skrif (Van der Walt & Dekker, 1983:217).

Die hart as voorstelling van die diepste wese van die mens is teruggebind aan sy oorsprong, dit wil sê aan die God van die Bybel of aan 'n afgod (Dekker, 1983:104) (paragraaf 2.2.1.5.3). Hierdie terugbinding van die hart rig en lei die mens in al sy handelinge, ook elke doelstelling met ouerlike opvoeding word hierdeur bepaal.

Elke Christenopvoeder (ouer) is in sy hart teruggebind aan die God van die Bybel en handhaaf dus 'n Christelike religie. Verder besef elke Christenopvoeder dat die opvoedeling (kind) ook 'n wese met 'n hart is, 'n hart wat nog grootliks onontslote is en deur die opvoedingshandeling op God gerig moet word (Dekker, 1983:103).

Die vernaamste, uiteindelike doel van (ouerlike) opvoeding, is dan om die kind daarin te lei om God te ken wat ons geskape het, sodat Hy gedien en verheerlik kan word in elke aktiwiteit van die

mens (Van der Walt & Dekker, 1983:217). Ouerlike opvoeding is dus in wese die religieuse beïnvloeding van die totale kind (Dekker, 1983:108) tot vrywillige aanvaarding en selfstandige uitvoering van sy Goddelike roeping in hierdie wêreld (Van der Walt & Dekker, 1983:218).

Waterink (1951:557) stel die allesomvattendheid van die religieuse doelstelling soos volg: "De godsdienstige opvoeding is de grondslag, het principe vóór, het hoogtepunt en het eindpunt van alle opvoeding."

2.5.5.3 Onmiddellike doelstellings

2.5.5.3.1 Die biologiese doelstelling

Die mens as lewende wese moet inpas by sy omgewing (Van der Walt & Dekker, 1983:215) Hierdie omgewing beïnvloed in 'n mindere of meerdere mate die mens, en die mens werk weer op sy beurt veranderend op sy omgewing in. Om hierdie rede het opvoeding onder andere ten doel om die mens by sy bepaalde lewensomgewing te laat aanpas en inpas en om respek vir eie en vir andere se lewens te kweek (Schoeman, 1975:95).

Waar hierdie navorsing beoog om ondersoek in te stel na moontlike faktore wat tot die periodieke onrus in onder andere Ikageng aanleiding gee (gegee het), is dit duidelik dat die biologiese doelstelling 'n belangrike rol behoort te speel by die harmoniese aanpassing al dan nie van die swart jeug by 'n komplekse samelewing.

2.5.5.3.2 Die fisiologiese doelstelling

Die opvoeder (ouer) is geroepe om te sorg vir die gesonde liggaamlike groei en ontwikkeling van die opvoedeling (Coetzee, 1965:213).

Die kind moet opgevoed word om sy liggaam te respekteer as die

tempel van God (Fourie, 1975:45). Hy moet leer om sy eie liggaam te versorg en so die Beeld van God in hom gestalte te laät kry.

In sommige dele van die swart woongebiede in Suid-Afrika, is toestande so haglik - byvoorbeeld in plakkerskampe - dat die fisiologiese doelstelling moeiliker verwesenlik word as in die dele waar die hoër inkomstegroepe woon. Hulp moet aan eersgenoemde groep mense verleen word sodat hulle kan aanleer dat respek vir hul eie menswees steeds behoue moet bly, ten spyte van ongunstige omstandighede waarin gewoon word.

2.5.5.3.3 Die psigologiese doelstelling

Die kind is geestelik ongevormd en onvolgroeid. Deur die psigologiese doelstelling na te streef, word die kind gelei tot geestelike rypheid (Coetzee, 1965:213). 'n Persoon wat geestelik ryp is, is in staat om met sensitiwiteit en aandag die omgewing en mense rondom hom waar te neem en te waardeer. Om eie gevoelens uit te druk en suksesvolle persoonlike verhoudings aan te gaan, is verdere kenmerke van 'n geestelike ryp persoon (Van der Westhuizen & Scott, 1988:76). Só 'n persoon is dus in staat om suksesvol met sy medemens om te gaan.

Deur liefdevolle en versorgende bystand van die ouers, moet die kind gelei word om uitdrukking te kan gee aan eie emosies, maar om ook die eie emosies te beheer (Schoeman, 1975:98 ; Du Plooy & Kilian, 1980:91). Hierdie beheer van emosies moet suksesvol binne en buite die gesin kan plaasvind.

Suksesvolle beheer van emosies buíte gesinsverband sal lei tot 'n stabiele gemeenskap sonder voortdurende konflik en wangedrag soos dit in baie van die hedendaagse swart woongebiede voorkom. Dat politieke oorsake in baie gevalle vir hierdie onstabiele toestande in sommige swart woongebiede verantwoordelik is, word nie misken nie, maar val vanweë die fundamenteel-opvoedkundige aard van hierdie navorsing, buite die terrein van ondersoek.

2.5.5.3.4 Die sosiale doelstelling

Die mens staan in hierdie wêreld in verskeie verhoudinge, waaronder die verhouding tot God (of afgod), tot sy medemens en tot die wêreld (Dekker, 1983:140) (paragraaf 2.2.1.5.5). Die mens leef dus nie in afsondering nie ; inteendeel, menswees beteken wesenlik mens-in-gemeenskap (Du Plooy & Kilian, 1980:96). Elke mens het dan ook die Godgegewe plig om hom so te gedra dat hy aanvaarbaar vir die gemeenskap sal wees (Fourie, 1975:62).

Die sosiale doelstelling beoog dus om die kind uiteindelik in harmonie met die samelewing (volgens bepaalde samelewingsnorme) te laat lewe (Fourie, 1975:62). Soos wat hierdie doel verwesenlik word, raak die kind mettertyd 'n verantwoordelike persoon wat in staat is om samelewingsreëls en gebruike te aanvaar en dit na te kom en om selfstandig met sy medemens om te gaan (Cilliers, 1974:61 ; Pretorius, 1988:17).

Die grondslag vir die sosiale vorming van die kind word in die gesin gelê (Angenent, 1976:22). Dáár leer hy om met ander mense saam te leef, om bedagsaam en mededeelsaam te wees en om ander mense te respekteer (Fourie, 1975:63). Die sosialiseringsproses verloop suksesvol as die kind veiligheid en geborgenheid in die gesinsituasie ervaar (Angenent, 1976:23). As hierdie sosiale doelstelling slaag, sal elke jong volwassene toereikend met ander mense kan saamleef en saamwerk - ongeag ras, kleur of geloof.

Die sosiale doelstelling in gesinsverband is baie belangrik vir hierdie navorsing, aangesien die kind in die harmoniese gesin gevorm word tot uiteindelike selfstandige en suksesvolle sosiaal-maatskaplike oriëntering. Waar hierdie doelstelling verwaarloos word, leer die kind nie om gebalanseerd op te tree in 'n komplekse samelewing nie. Hierdie leemte in ouerlike opvoeding manifesteer dan dikwels by die kind in wangedrag - soos stakings, brandstigting en oproer wat in baie van die hedendaagse swart woongebiede in Suid-Afrika voorkom. Hierdie navorsing wil dan juis riglyne voorstel wat aantoon hoe gesonde ouer-kind-

opvoedingsverhoudinge (waaronder die verwesenliking van die sosiale opvoedingsdoelstelling) uiteindelik kan lei tot meer stabiele swart gemeenskappe en selfs beter nasionale verhoudinge (paragraaf 5.2.3).

2.5.5.3.5 Die nasionale doelstelling

Die sosiale doelstelling moet altyd hand aan hand gaan met die nasionale (politieke) doelstelling, aangesien volle sosiale bruikbaarheid ook insluit goeie en lojale burgerskap (Van der Walt & Dekker, 1983:214).

Die beginsel wat agting vir ander taal- en rassegroepe nastreef, moet aan elke jong kind voorgehou word. Net soos die kind moet leer om aan te pas by sy sosiale omgewing, moet hy leer om die staatkundige verband waarin hy lewe, te eerbiedig (Coetzee, 1965:214). Dit sluit in die gehoorsaming van landswette en die aanvaarding van die Godverleende gesag van die staat.

Met behoud van eie identiteit mag geen nasie, volk of taal bo 'n ander verhef word nie (Waterink, 1951:543). Die kind moet geleer word om ander nasies te respekteer - ongeag verskille in velkleur, geloof of taal. Op hierdie wyse kan harmonie in die breë samelewing gewaarborg wees.

2.5.5.3.6 Die intellektuele doelstelling

Die sosiale omgewing waarin die kind hom bevind, asook die mense met wie hy in kontak is, is van essensiële belang vir die intellektuele ontwikkeling van die kind (Monteith, 1988a:126). Die omgewing en opvoeders (waaronder die ouers) stimuleer die kind se denke en die wyse waarop dit gedoen word, bepaal die sukses al dan nie van die intellektuele ontwikkeling van die kind.

Die mens ontvang van God die vermoë om kennis van Hom en die skepping in te win (Van der Walt & Dekker, 1983:215). Die ouer

moet egter deurgaans die kind in sy totale menswees in ag neem. Kennis op al die terreine van die lewe moet met die intellektuele opvoedingsdoelstellings nagestreef word. Die kind moet deur kennis ook die samelewing tot diens kan wees. Daardeur word stabiliteit en vooruitgang in die samelewing gewaarborg - juis dít wat met hierdie navorsing veral in die swart woongebiede van Suid-Afrika nagestreef word.

2.5.5.3.7 Die ekonomiese doelstelling

Kinders moet reeds van kleins af in die ouerhuise geleer word om die beste gebruik van hulle tyd te maak en om hul dagtaak met ywer aan te pak. Op hierdie wyse sal die kind leer wat arbeidsvreugde en trots op deeglike en goed beplande werk beteken (Fourie, 1975:52).

Reeds van jongs af moet die kind ook geleer word om oordeelkundig met sy sakgeld om te gaan. Ook wat betref die gereelde tydsinruiming vir Bybel lees en bid, het die verbondsouer 'n verantwoordelike taak.

Waar beide ouers in baie van die hedendaagse swart gesinne werkend is (paragraaf 3.5.4.4), is dit dikwels die geval dat daar nie tyd is vir voldoende opvoedende ouerlike steun vir die opgroeiende kinders nie. In sulke gevalle ly die ouer-kind-opvoedingsverhoudinge gewoonlik daaronder en kan daar nie sprake wees van 'n ideale, harmoniese opvoedingsklimaat nie.

2.5.5.3.8 Regte gesindheid teenoor die natuur as doelstelling

By die skepping het die mens van God die opdrag ontvang om met Godverleende gesag en verantwoordelikheid oor die natuur te heers (Fourie, 1975:55). Die kind moet reeds in die ouerhuis geleer word om die natuur te waardeer en in verantwoordelikheid te bewaar, om so tot die diepe besef van God se almag en wysheid te kom en in sy geloof versterk te word (Dekker, 1983:147).

2.5.5.3.9 Die kulturele doelstelling

Kultuur is die komplekse geheel van kennis, waardes, oortuigings, gewoontes, taal, wetenskap en kuns wat kenmerkend van 'n sekere groep is. Die wyse waarop 'n spesifieke volk saamleef en stry om 'n eie voortbestaan, vorm deel van die volk se kultuur. Hierdie tradisionele leefwyses word van geslag tot geslag oorgedra (Luthuli, 1981:3,28). Dit is veral met hierdie oordrag waar die gesin as kerneenheid 'n belangrike rol speel.

Dit is belangrik dat kultuurskepping uit die natuur (paragraaf 2.2.1.5.5.5.) asook kultuuroordrag 'n sosiale aspek vertoon: mense bou saam aan 'n bepaalde kultuur om op die wyse in mekaar se behoeftes te voorsien (Dekker, 1983:149). Die gesin as die mees intieme samelewingsverband het die taak om die kultuurbesittings van 'n bepaalde volk aan die kind oor te dra. So word verseker dat die kind sy individualiteit as lid van 'n volk behou en selfs nuwe bydraes lewer (Fourie, 1975:60).

'n Verdere belangrike aspek van kultuurvorming is die normatief-bepaaldheid daarvan. Indien die mens nie volgens sedelike norme kultuur bou nie, skep hy vir homself chaos (Dekker, 1983:148). Vir die Christen word alle kultuur geskep in diens van God. Elke verbondsouer het 'n verantwoordelike taak om sy kind te leer om die grens tussen goeie en slegte kultuurvorming raak te sien. Waterink (1951:356) is hieroor duidelik uitgesproke:

"Daarom moet onze paedagogische activiteit er altijd op gericht zijn om de juiste grens te vinden voor het contact van onze kinderen met de cultuur en ... hen de grens te leren zien, zodat zij weten, waar hun grens is."

As gevolg van aanraking van die tradisionele swartmense in Suid-Afrika met die Christendom en Westerse kultuur en die proses van verstedeliking wat hiermee gepaard gaan, het daar onder baie van die swartmense grootskaalse akkulturasie plaasgevind; en vind dit steeds plaas (paragraaf 3.5). Die gevolg hiervan is dat baie van

hierdie mense vasgevang sit in 'n ernstige identiteitskrisis (Van der Walt & Postma, 1987:90).

Dit is juis hier waar Christelike opvoeding en onderwys so 'n belangrike plek en taak het (paragraaf 3.5.2.4). Die hedendaagse swartman moet gehelp word om 'n staanplek in die Westerse samelewing te vind - sonder dat hulle geheel en al van hul oorspronklike tradisionele kultuur losgemaak word.

2.5.5.3.10 Die linguale doelstelling

As kosbare kulturele erfenis is korrekte taalgebruik, 'n belangrike opvoedingsdoelstelling (Steyn, 1986:53). Die ouer behoort die regte voorbeeld te stel deur korrekte en beheerste taalgebruik en die kind moet aangemoedig word om sy taal suiwer te praat en om trots te wees op sy taal, wat ten nouste aansluit by sy kultuur (Fourie, 1975:61).

Ook die hedendaagse swart ouer - wat op verskeie terreine van die lewe aanpassings moes maak by 'n Westerse samelewing, vreemd aan die tradisionele stamopset - moet sy kind in gesinsverband leer om sy moedertaal suiwer te praat en trots te wees daarop. Op dié wyse kan elke nasie sy eie identiteit behou en kan identiteits=krisisse voorkom word.

2.5.5.3.11 Die juridiese doelstelling

Vanweë die onrypheid, afhanklikheid en onselfstandigheid waarmee die kind in die wêreld kom, het hy met sy hele wese 'n behoefte aan volwasse gesagsteun (Fourie, 1975:69). Die volwasse steun, hulp en leiding is nodig om te verseker dat die kind vorder op die weg na volwassenheid. Sonder 'n gesonde en gebalanseerde gesagsverhouding tussen ouer en kind (paragraaf 2.7.3) is (egte en ware) opvoeding net nie moontlik nie (Fourie, 1975:70).

Aangesien die wese van gesag en vryheid in teorie vas staan (paragraaf 2.7.3), kan afgelei word dat die probleem wel lê by

die praktiese toepassing van gesag - veral in die gesinsituasie. Om waarlik op te voed beteken onder andere dat die opvoeder die kind daartoe sal lei om vry te wees tot verantwoordelikheid - om met ander woorde die gesag wat oor hom gestel is, gewillig te erken en te gehoorsaam (paragraaf 2.7.3.3.4).

Elke ouer- as primêre opvoeder - moet daarom deeglik kennis dra van die betekenis van ware en gebalanseerde gesagshandhawing en behoort dit as 'n belangrike opvoedingsdoelstelling te stel (vergelyk Bylae B, vrae B10 tot B13).

2.5.5.3.12 Identiteitsekerheid as opvoedingsdoelstelling

Die mens is die enigste skepsel wat homself nie kan ontvlug nie - een of ander tyd word nagedink oor die universele, algemeen-menslike vraag: "wie is ek?" (Van der Walt, 1990:1). Deur steungewende begeleiding en 'n toonbeeld van selfaanvaarding en selfdissipline, moet die ouer die kind begelei om tot selfkennis te kom en sodoende hierdie vraag positief te beantwoord (Landman, 1983:4).

Opvoeding tot identiteitsekerheid is 'n besondere opvoedingsdoelstelling. Vir die Christen (opvoeder en opvoedeling) beteken dit die wete dat hy as mens geskape is na die Beeld van God en dat hy 'n bepaalde roeping van Godsverheerliking ontvang het (Monteith, 1988b:170). Die opvoeder (ouer) moet aan die kind voldoende geleenthede gee om met verskillende rolle te eksperimenteer, om so homself te leer ken. Sonder kennis van homself as mens, met al sy sterk en swak punte, kan die eie en ander se menswaardigheid nie gerespekteer word nie. Identiteitsekerheid en respek vir menswaardigheid gaan dus hand aan hand.

Deur harmoniese ouer-kind-opvoedingsverhoudinge leer die kind wat wedersydse respek en onbaatsugtigheid is; hy leer om homself en sy medemens te aanvaar en om seker te wees van sy eie en ander se identiteit.

Ook vir dáárdie swartmense wat hulself tussen twee kulturele wêrelde bevind, naamlik die tradisionele en die Westerse, is opvoeding tot identiteitsekerheid 'n belangrike doelstelling. Daardeur kan die eie identiteit en die kultuurwaardevolle van 'n betrokke nasie behoue bly (paragraaf 3.5.2.4) - te midde van aanpassings in 'n kultuurvreemde, Westerse samelewing.

2.5.5.3.13 Die geloofsfunksie as opvoedingsdoelstelling

Alvorens die Christen-ouer die hoogste doelstelling met opvoeding kan bereik, naamlik die religieuse vorming van die kind, is dit allereers noodsaaklik om die kind in te lei in die inhoud van die Skrif en die Christelike geloof (Fourie, 1975:75).

"Godsdienstige opvoeding, zonder dat het kind komt tot kennis van de geloofswaarheden, die men gemeenschappelijk aanduidt met de naam : 'dogmata', is niet mogelijk." (Waterink, 1951:588.)

Die geloof het 'n ontsluitende en rigtinggewende funksie by die ontplooiing van die kind in sy volle menswees (Fourie, 1975: 77). Die Christelike geloof lei die kind tot 'n lewe in diens van God en tot voordeel van sy medemens (Schoeman, 1975:114).

'n Lewe wat op hierdie wyse gelei word, behoort vrede en stabiliteit in 'n gemeenskap te waarborg. Waar hierdie navorsing wil poog om riglyne te bied vir die herstel van disharmoniese gesinsverhoudinge (paragraaf 5.2.3), is dit belangrik om te let op die lewensnoodsaaklike teenwoordigheid van die geloofsfunksie as opvoedingsdoelstelling (vergelyk Bylae B, vrae C1 en D1).

2.5.5.4 Verwyderde doelstellings

2.5.5.4.1 Die filosofiese doelstelling

Die verbondsouer het die roeping om die kind wat deur God aan hom toevertrou is, in te lig oor sy oorsprong, wese en bestemming. Die mens is tog van nature 'n denker en die ouer as primêre

opvoeder moet toesien dat sy kind die dieper sin van die skepping ken en waardeer (Coetzee, 1965:219).

God openbaar Homself aan die mens en stel hom in staat om die Godgeskape eenheid en verskeidenheid in die skepping raak te sien en om die wese van die mens en die sin van die lewe te begryp (Coetzee, 1965:220). Die mens kan alleen die sin van die lewe begryp as hy in sy denke gerig en gestuur word deur 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing (lewensopvatting).

Ouers as primêre opvoeders is die eerste en belangrikste vormers van 'n kind se lewensopvatting (Postma, 1985:18). Met 'n **Christelike** lewensopvatting kan elke verbondsouer sy kind met vertroue in 'n komplekse samelewing instuur, met die sekerheid dat sy kind koers sal hou te midde van 'n komplekse geïndustrialiseerde samelewing.

Waar baie van die hedendaagse swartmense genoodsaak is om op verskeie terreine van die lewe aanpassings te maak ten einde in te pas by 'n kultuurvreemde, Westerse wêreld, tree die belangrikheid van die filosofiese opvoedingsdoelstelling duidelik na vore.

2.5.5.4.2 Die etiese doelstelling (sedelike volwassenheid)

Sedelike volwassenheid is een van die belangrikste verwyderde doelstellings van opvoeding (veral ouerlike opvoeding) en vra 'n religieus begronde kennis waarvolgens goed en kwaad geëvalueer word en alle gedrag gerig word (Scott, 1988a:146). Die spesifieke religie wat beslag lê op die mens se hart, dien as kenbron vir sy beginsels, norme en waardes.

Elke kind moet gebring word tot 'n beginselbegronde waardesisteem wat sy denke en gedrag rig. Vir die Christen is dit 'n waardesisteem gegrond op die Christelike religieuse grondmotief. Die vorming van so 'n waardesisteem word baie sterk beïnvloed deur gesins- en sosiale faktore. Waar die hedendaagse sosiale

milieu geweldig heterogeen is wat betref die groot verskeidenheid waardes (goed en sleg) wat gehandhaaf word, is dit vir vandag se kind dikwels moeilik om 'n eie positiewe waardesisteem te ontwikkel (Scott, 1988a:155). 'n Eie waardesisteem is egter 'n noodsaaklike komponent van die kind se selfstandigwording, selfaanvaarding en identiteitsverwerwing (Du Plooy & Kilian, 1980:100)

Om die kind in die vorming van so 'n eie waardesisteem tegemoet te kom, behoort die klem vir elke verbondsouer op die **deurlopende** opvoeding in Christelike morele beginsels te val - toegepas op alledaagse ervarings (Marais, 1989:33). Juis daarom is die doelbewuste prysing of veroordeling van die kind se alledaagse optrede deur die ouers, so belangrik (Bylae B, vrae B11, B12 en B13). Reeds van baie jongs af moet die ouers die kind help om tussen reg en verkeerd te kies (Du Plooy & Kilian, 1980:101). Deurdat hulp aanvanklik verleen word met keuses tussen reg en verkeerd, ontwikkel die kind geleidelik die vermoë om self sedelike waarde- oordele te maak volgens bepaalde waarde-maatstawwe (Fourie, 1975:74).

Regverdige en duidelike reëls moet baie helder aan die kind uitgespel wees. Jong kinders moet deur die ouers aangespreek word sodra afgewyk word van hierdie reëls (vrae B11 en B12, Bylae B). Soos wat die kind egter ouer raak, moet daar by 'n oortreding, positief gekommunikeer word en moet die ouer die kind lei om self sy gedrag te beoordeel. Op hierdie stadium moet die kind se eie gewete hom begin aanspreek en nie meer sy ouers nie (Scott, 1988a:160).

Daar rus 'n groot verantwoordelikheid op elke verbondsouer om te sorg vir die gesonde sedelike vorming van sy verbondskind. Daar word vermoed dat wangedrag onder die jeug - waaronder stakings, brandstigting en oproer onder sommige lede van die swart jeug - deur gesonde sedelike vorming voorkom kan word en dat orde, stabiliteit en vooruitgang in die gemeenskap daardeur bevorder kan word (Bylae B, vrae C2 en C3).

2.5.5.4.3 Die estetiese doelstelling

Dit is die taak van die opvoeder (ouer) om die kind te lei in die ontwikkeling van goeie smaak en in die waardering van en skepping van die skone (Coetzee, 1965:217).

Die soeke na en waardering van die skone is een van die hoër ideale van opvoeding. Vir die Christen is God die bron van die skoonheid in die skepping en is dit 'n openbaring van die heerlikheid en volkomenheid van God (Coetzee, 1965:217).

2.5.5.5 Samevattende gedagtes

Die doelstelling van opvoeding in breë terme is om die kind te help om alles wat hy aanvanklik met die hulp en leiding van volwassenes gedoen het, uiteindelik selfstandig en verantwoordelik te doen (Landman, 1983:21)(Bylae B, vraag C4).

Hierdie doelstelling is bereik wanneer die jong volwassene in staat is om op al die terreine van die lewe (soos in die vorige paragrawe uiteengesit), onafhanklik en self-verantwoordelik te kan handel. Vir die Christen is hierdie handeling alleen sinvol as dit in gehoorsaamheid onderwerp is aan die lewensbeginsels soos uiteengesit in die Woord van God.

Die religie waartoe die mens homself verbind en wat die einddoel van opvoeding bepaal (vergelyk paragraaf 2.5.5.2), lê die grondslag van hierdie lewensbeginsels. Daarvolgens word alle onmiddellike en verwyderde opvoedingsdoelstellings geformuleer. Vir die verbondsouer lê die Christelike religie die grondslag vir elke opvoedingsdoelstelling.

Dit is dan ook vanuit 'n Christelike religieuse grondslag wat die verwesenliking van die verskillende opvoedingsdoelstellinge en die toereikendheid (al dan nie) van ouer-kind-opvoedings=verhoudinge in die swart dorp Ikageng geëvalueer word (paragraaf 4.4).

### 2.5.6 Die noodsaaklikheid van Christelike ouerlike opvoeding

#### 2.5.6.1 Inleiding

Die feit dat die mens as onontslote, onvolwasse individu met baie potensiële talente en gawes die lewe begin en geroepe is om laasgenoemde te ontplooi, maar nie op sy eie daartoe in staat is nie, maak van opvoeding 'n noodsaaklike verskynsel (Van der Walt & Dekker, 1983:252 ; Van der Walt, 1983b:64 ; Fourie, 1975:13 ; Langeveld, 1952:60). Die religieuse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing bied belangrike perspektiewe op die noodsaaklikheid van opvoeding. Vanweë die erfsonde het die mens van God afvallig geword. Deur die soenverdienste van Christus het dit egter weer moontlik geword om deur opvoeding tot "mondigheid in Christus" gelei te word. Die opvoedeling is met betrekking tot sy fisies-chemiese-, vegetatief-biotiese- asook sy psigiese liggaamstrukture én sy normatiewe aktstruktuur van nature onvolwasse (vergelyk paragraaf 2.2.1.5.6). Hierdie onvolwassenheid van die mens onderstreep die noodsaaklikheid van die opvoedende omhoogleiding van elke mens (Schoeman, 1983:118).

#### 2.5.6.2 Noodsaaklikheid

Van der Walt en Dekker (1983:253-257) stel dat die noodsaaklikheid van opvoeding uit die volgende feite blyk:

* Die kind is liggaamlik "nie-volwasse" (Schoeman, 1975:43)
* Die kind is geestelik "nie-volwasse" (Fourie, 1975:15)
* Die kind is kultureel ongevormd (Fourie, 1975:13 ; Van der Walt & Dekker, 1983:255)
* Die kind is sosiaal nog nie aangepas nie

Vir die doel van hierdie navorsing tree die noodsaaklikheid van opvoeding onder andere na vore wanneer gedink word in terme van verantwoordelike bevolkingsontwikkeling. Die bevolking van Suid-Afrika - en veral die swart bevolking - neem teen 'n tempo toe wat nie rekening hou met die ekonomiese en demografiese

implikasies van die hoë aanwassyfers nie (Jordaan, 1991). Volgens Van der Merwe (1991) - hoofdirekteur Bevolkingsontwikkeling - moet 'n bevolking se persepsie van gesinsgrootte gerig word deur 'n verantwoordelikheidsbesef. Veral die swartmense op die platteland het ten opsigte hiervan baie hulp en leiding nodig. Geboortesyfers in hierdie gebiede neem steeds toe, terwyl die ekonomiese middele dit nie toelaat nie. As gevolg van die ekonomiese nood is beide ouers in baie van die swart gesinne genoodsaak om te werk, 'n situasie wat ontwrigting bring ten opsigte van ouer-kind-opvoedingsverhoudinge (paragraaf 3.5.4.4).

#### 2.5.6.3 Samevatting

Uit al die bogenoemde feite spreek die noodsaaklikheid van opvoeding duidelik. Vir die kind om uiteindelike volwassenheid te bereik, is die opvoedende hulp en begeleiding van ('n) volwasse persoon(e) - waaronder die ouer as primêre opvoeder - dringend noodsaaklik.

Waar hierdie navorsing vanuit Skrifperspektief geskied, verkry die noodsaaklikheid van ouerlike opvoedingsbemoeienis eers waarlik betekenis as dit die omhoogleiding na God ten doel het.

### 2.5.7 Die moontlikheid van Christelike opvoeding

Deur God se genade is dit vir die mens moontlik om deur opvoeding sy volle potensiaal te ontplooi en om uiteindelik God te ken wat hom geskape het. Die mens is met besondere gawes toebedeel en deur God toegerus vir die taak om homself en die skepping in sy Naam te ontsluit (Schoeman, 1975:44).

In die konteks van die navorsing kan gestel word dat, indien die mens in alle opregtheid homself en die skepping in God se Naam ontsluit, dit tot vrede en stabiliteit in die gemeenskap sal lei - juis dít wat met hierdie navorsing nagestreef word.

### 2.5.8 Die mag en grense van opvoeding

Wat die mag en grense van opvoeding betref, wissel die denkrigtings veral tussen twee uiterstes (Van der Walt & Dekker, 1983:262).

Aan die een kant is daar die sogenaamde opvoedingsoptimiste wat meen dat waar gunstige omgewingsfaktore heers, daar géén grense van opvoeding bestaan nie en dat die mens deur opvoeding onbeperkte hoogtes kan bereik (Van der Walt, 1983b:69).

Aan die ander kant is daar die opvoedingspessimiste wat glo dat die mens met sekere aangebore aanlegte die wêreld inkom en dat opvoeding slegs in staat is om 'n klein wysiging aan hierdie natuurlike aanlegte te maak (Van der Walt, 1983b:69).

Vir die Christen is beide hierdie opvattings oordrewe. Christelike opvoeding is wel tot heelwat in staat, maar absolute volwassenheid - soos die opvoedingsoptimiste dit sien - kan nie in hierdie wêreld bereik word nie (Van der Walt & Dekker, 1983:70). Nét so mag die aandeel van oorerwing (volgens die opvoedingspessimiste) nie verabsoluteer word nie.

Waar die mag van Christelike opvoeding dus nie onbeperk is nie, bestaan daar sekere faktore wat opvoeding begrens.

Ongunstige omgewingsfaktore - waaronder gesinsomstandighede - bepaal in 'n groot mate hoe suksesvol en watter aanlegsmoontlikhede van die kind ontplooi gaan word (Van der Walt & Dekker, 1983:265). Die verhouding tussen ouer en kind, tussen man en vrou en tussen kinders onderling, speel onder andere 'n belangrike rol by die toereikendheid al dan nie waarvolgens die kind se potensiaal ontplooi word.

Alhoewel die invloed wat omgewingsfaktore op opvoeding het, vanuit Skrifperspektief nooit verabsoluteer mag word nie, speel dit wel 'n belangrike rol.

Ten slotte bely die Christenouer en -kind dat die mens van nature geneig is tot die kwaad (Oberholzer, 1986:389). Dit is belangrik om deeglik kennis te dra - ook in hierdie navorsing - van die grens wat deur die sondige natuur van die mens aan opvoeding gestel word. Al word opvoeding in hierdie hoofstuk vanuit die teoretiese ideaal bekyk, kan opvoeding - al vind dit toereikend plaas - die mens nooit van sy sonde verlos nie. Deur die genade van God kan opvoeding wel van die mens 'n beter en waardiger persoon maak en dit is waarna elke Christenouer en verbondskind moet streef (Van der Walt & Dekker, 1983:267). Wat egter altyd in gedagte gehou moet word, is die feit dat beide ouer en kind geneig is tot verkeerde handelinge en dat opvoeding om hierdie rede nooit tydens die mens se aardse bestaan volmaak in harmonie kan verloop nie.

### 2.5.9 Samevatting

Die voorafgaande paragrawe gee 'n breedvoerige uiteensetting van die teoretiese ideaal van Christelike ouerlike opvoeding. Die doel van hierdie uiteensetting is om 'n verwysingsraamwerk te gee waarteen die toereikendheid van ouer-kind-opvoedingsverhoudinge in geïdentifiseerde kerngesinne in Ikageng getoets kan word (Bylae A).

## 2.6 FUNKSIES VAN DIE HARMONIESE GESIN

Die gesin vervul sekere funksies vir die gemeenskap, maar ook vir elke individuele lid van die gesin (Jordaan, 1967:19). Geen ander instelling kan hierdie funksies so effektief en bevredigend vervul as juis die gesin nie. Die rede hiervoor kan teruggevoer word na die eiesoortige struktuur van die gesin as primêre samelewingsverband (paragraaf 2.2.2.3).

Hoewel geen standaardlys van funksies aangetref word nie, stem die literatuur in 'n groot mate ooreen wat die wesenlike kern-funksies van die gesin betref (Combrinck, 1980 ; Jordaan, 1967 ; Cilliers 1974 ; Pretorius, 1988). Hierdie kernfunksies sluit

nou aan by die onmiddellike doelstellings met Christelike ouerlike opvoeding en word om hierdie rede nie bespreek nie (paragraaf 2.5.5.3).

## 2.7 OUER-KIND-OPVOEDINGSVERHOUDINGE BINNE DIE CHRISTELIKE GESIN

### 2.7.1 Inleiding

Sedert die vroegste eeue was die mens bewus daarvan dat die lewende voorbeeld van 'n volwassene as identifikasiefiguur een van die belangrikste weë is waarlangs die kind met die eise en verpligtinge van volwassenheid kan kennis maak (Verster, s.a.:6).

Sodra daar sprake is van 'n volwasse, selfstandige steungewer en identifikasiefiguur wat 'n hulpbehoewende, onselfstandige ontvanger bystaan op die pad na volwassenheid, kan gesê word dat daar 'n **OPVOEDINGSVERHOUDING** tussen die twee partye bestaan (Landman, 1983:1).

Die opvoedingsverhouding tussen ouer en kind kan as "warm" of "koud" beskryf word (Angenent, 1976:44-47). Hierdie beskrywing dui op die emosionele afstand wat tussen ouer en kind bestaan. In 'n warm verhouding bestaan daar 'n liefdevolle en intieme band tussen ouer en kind, terwyl 'n koue verhouding deur onverskilligheid, opvoedkundige verwaarlosing en selfs vyandigheid gekenmerk word (Angenent, 1976:46).

Opvoeding is 'n verskynsel wat deur God in aansyn geroep is in die vorm van 'n interaktiewe handeling tussen mense (Van der Walt & Dekker, 1983:117). Daardeur word 'n ideale geleentheid geskep vir die ouer om die kind gereed te maak vir die lewenseise wat aan 'n volwasse mens gestel word. Die verbondsouer is tot hierdie opvoedingstaak in staat deur die genadige toerusting van God. Opvoeding is dus altyd 'n handeling tussen opvoeder (ouer) en opvoedeling (kind) en veronderstel besondere verhoudinge tussen die twee partye (Angenent, 1976:41)(paragraaf 2.7.2).

Verbondsouers is dit aan hulle kinders verskuldig om riglyne vir positiewe ouer-kind-verhoudinge in God se Woord na te speur (Marais, 1989: 32).

Om hierdie verhoudinge in verantwoordelikheid te laat funksioneer, moet beide verbondsouer en -kind 'n Christelike beskouing oor gesag en vryheid handhaaf. Die gesagsverhouding tussen ouer en kind - spesifiek vanuit 'n Christelike oogpunt beskou - is vir die doel van hierdie navorsing van besondere belang (vergelyk paragraaf 2.7.2.4).

Waar baie van die probleme wat menige swart ouer in die verstedelikte gesinsopset ervaar (paragraaf 3.5.4) op een of ander wyse verband hou met die onvermoë van die ouers om gesag op 'n geslaagde en verantwoordelike wyse oor hulle kinders uit te oefen, is dit duidelik dat 'n dieper besinning oor die Christelike gesagstruktuur en die implikasies wat dit vir ouer-kind-opvoedingsverhoudinge inhou, noodsaaklik is (paragraaf 2.7.3).

Die opvoedingsverhoudinge tussen ouer en kind vertoon in die ideale gesinsituasie 'n bepaalde verloopstruktuur (paragraaf 2.7.4). Verder veronderstel die opvoedingsverhouding tussen ouer en kind sekere bedrywighede waar die ouer as hulpgewer optree (paragraaf 2.7.5).

Waar harmoniese ouer-kind-opvoedingsverhoudinge die basis vorm van 'n kind se toekomstige selfstandige en gebalanseerde optrede in 'n komplekse samelewing, is 'n uiteensetting van ouer-kind-opvoedingsverhoudinge binne die Christelike gesin uiters belangrik. Waar hierdie navorsing uiteindelik gaan probeer aantoon hoe gesonde ouer-kind-opvoedingsverhoudinge moontlik riglyne kan bied vir die herstel van disharmoniese gesinsverhoudinge in die onrusgeteisterde swart gebiede van Suid-Afrika (met spesifieke verwysing na Ikageng), óf hoe gesonde ouer-kind-opvoedingsverhoudinge vrede en stabiliteit bevorder, word 'n deeglike agtergrondkennis van harmoniese, teoreties ideale ouer-kind-opvoedingsverhoudinge vereis.

2.7.2 Verhoudingstrukture

2.7.2.1 Vooraf

Landman (1983:2) noem drie soorte verhoudinge wat in samehang met mekaar tussen ouer en kind behoort te bestaan, naamlik die begrypingsverhouding (paragraaf 2.7.2.2), die vertrouensverhouding (paragraaf 2.7.2.3) en die gesagsverhouding (paragraaf 2.7.2.4). 'n Harmoniese ouer-kind-opvoedingsverhouding is ondenkbaar sonder die gesamentlike funksionering van hierdie drie verhoudinge.

2.7.2.2 Die begrypingsverhouding

Deur die teenwoordigheid van 'n toereikende ouer-kind-begrypingsverhouding, is dit vir die ouer moontlik om die kind in sy uniekheid en individualiteit te begryp (Landman, 1983:10).

In hierdie verhouding leer die ouer die kind ken en toon hy opregte belangstelling in die kind se doen en late. Die ouer-kind-begrypingsverhouding eis dat die ouer homself moet inleef in die kind se leefwêreld. Dit beteken dat die ouer kennis moet dra van die wese van kindwees sodat die kind daardeur op 'n bekende terrein ontmoet word en geleidelik geoefen kan raak in die vaardighede wat die volwasse wêreld eis (Landman & Gous 1969:8). Deurdat 'n ouer sy kind ken, begryp hy die talente wat die kind van God ontvang het en kan hy die kind help om hierdie talente te ontdek, te waardeer en tot eer van sy Naam te ontplooi (Van der Walt & Dekker, 1983:132).

Deur die begrypingsverhouding kry die kind geleentheid om met die hulp van die ouer aan sekere eise te voldoen wat deur 'n bepaalde religie as behoorlik en aanvaarbaar beskou word (Landman, 1983:8). Hierdie eise word deur Landman (1983:1) **behoorlikheidseise** genoem en dit spruit altyd voort uit 'n spesifieke lewens- en wêreldbeskouing; vir die verbondsouer spruit hierdie eise voort uit die Christelike lewens- en

wêreldbeskouing.

Die kind moet steeds duideliker begryp dat hy, soos enige mens, aan sekere voorskrifte onderworpe is. Hierdie voorskrifte (behoorlikheidseise) waaraan die mens moet voldoen om aanvaarbaar vir sy medemens te wees, moet deur die opvoedeling - onder leiding van die opvoeder - vrywillig aanvaar en gehoorsaam word (Van der Walt & Dekker, 1983:132).

Landman (1983:12) stel dit duidelik dat die verbondsouer deeglik moet begryp hoe opgetree behoort te word wanneer sy kind die Christelike behoorlikheidseise nie begryp nie, of wel begryp, maar tog ongehoorsaamheid betoon (paragraaf 2.7.4.4.1), of aan die ander kant die eise begryp en as bewys daarvan die behoorlike doen (paragraaf 2.7.4.4.2) (vergelyk Bylae B, vrae B11, B12 en B13).

Waar hierdie navorsing vanuit Christelike perspektief geskied, dien die Christelike ouer-kind-begrypingsverhouding - soos in voorafgaande paragrawe uiteengesit - as verwysingsraamwerk (Bylae A) waarteen die begrypingsverhouding tussen geïdentifiseerde ouers en kinders in Ikageng getoets kan word (Bylae B, vraag B6).

2.7.2.3 Die vertrouensverhouding

In die tweede plek moet daar ook 'n vertrouensverhouding tussen ouer en kind bestaan. Landman (1983:6) stel 'n vertrouens=verhouding tussen ouer en kind as voorwaarde vir die skep van 'n situasie waarin daar aan die kind opvoedingsversorging gebied kan word. Vertroue tussen ouer en kind ontstaan reeds wanneer aan die fisieke behoeftes van die baba voldoen word (Scott, 1988b:35).

Die kind moet vertrou dat die ouers daartoe in staat is om hom te begelei op die pad na volwassenheid. Waar die verhoudinge tussen ouer en kind deur warmte gekenmerk word (vergelyk paragraaf 2.7.1), is dit maklik vir 'n kind om sy ouers in alle fasette van die opvoedingshandeling te vertrou; hy weet dat hy

in elke situasie sy ouers se steun sal geniet (Angenent, 1976:44). Hierdie kinderlike vertroue vloei voort uit liefde en respek vir mekaar se menswaardigheid; die vertrouensverhouding tussen ouer en kind is dus wedersyds en vertroulikhede word oor en weer uitgewissel (Angenent, 1976:44 ; Landman & Gous, 1969:5).

Die vertrouensverhouding tussen ouer en kind behoort met verloop van tyd te verdiep ten einde ware en sinvolle opvoeding moontlik te maak (Bylae B, vraag B8). Hierdie verdieping kom aanvanklik meer doelbewus van die ouers se kant af. Soos wat die opvoedeling egter geleidelik die groter toeganklikheid van die ouers ervaar, aanvaar hy dit ook onvoorwaardelik (Du Plooy & Kilian 1980:67). 'n Intieme band behoort tussen ouer en kind te ontstaan indien die ouer die kind altyd met bedagsaamheid en waardering bejeën (Van der Walt & Dekker, 1983:133).

Openheid in kommunikasie vorm waarskynlik een van die vernaamste voorwaardes vir 'n intieme vertrouensverhouding waar dit vir die kind duidelik word dat die ouer toeganklik is, hom uit welwillendheid versorg en medemenslikheid aan hom betoon (Landman, 1983:9).

Aangesien kommunikasie tussen ouer en kind egter steeds 'n netwerk van **subjektiewe** interpretasies van volwassene en kind bly, kan dit gebeur dat daar by die opvoedingsdialoog misverstande ontstaan wat verhoed dat 'n opvoedingsontmoeting gekenmerk deur vertroue tussen die twee partye plaasvind (Van Niekerk, 1986:31). In die harmoniese huisgesin word sulke misverstande egter opgelos en behoort die kind die opvoedingsituasie te beleef as 'n ruimte wat liefdevol en in vertroue ingerig is (Landman, 1983:9).

Dit wil voorkom asof 'n harmoniese ouer-kind-vertrouens=verhouding moeilik kan ontwikkel in omstandighede waar die ouers en kinders min tyd in mekaar se geselskap deurbring. In dié verband word gedink aan die situasie waarin menige van die hedendaagse swart gesinne verkeer. Vanweë hoë lewenskostes is

beide ouers dikwels verplig om te werk en as gevolg daarvan is die kinders lang ure alleen by die huis; 'n situasie waardeur die kinders dikwels voldoende opvoedende ouerlike steun ontbeer (paragraaf 3.5.4.4).

2.7.2.4 Die gesagsverhouding

'n Gesonde gesagsverhouding tussen ouer en kind word as een van die primêre voorwaardes van ware opvoeding en as een van die mees basiese verhoudinge waarin die mens staan beskou (Van der Walt & Dekker, 1983:279).

In die wêreld van vandag met al sy oorloë waarin geweld en dood 'n alledaagse verskynsel geword het - selfs in sommige van die onrusgeteisterde gebiede van Suid-Afrika - word miljoene kinders groot om niks anders as haat en geweld te ken nie (Marais, 1989: 32). Dit is onder sulke omstandighede noodsaaklik dat stabiele, liefdevolle en gebalanseerde gesagsverhoudinge tussen ouers en kinders bestaan. Daardeur word 'n rustige en konstruktiewe leefruimte in die gesin geskep, wat veiligheid bied te midde van 'n samelewing vol haat en geweld.

Teen die agtergrond van periodieke onrus in sommige swart woongebiede asook konflikgeoriënteerde gedrag by swart kinders soos stakings, brandstigting, oproer en opstand teen alle vorme van gesag - ook en veral ouerlike gesag - is dit noodsaaklik dat elke inwoner van die land (waaronder gesagsdraers en gesagsonderhoriges) hulself deeglik vergewis wat vryheid en gesag waarlik is.

Die gegewens in voorgaande paragrawe (2.7.2.1-2.7.2.4) onderstreep die noodsaaklikheid van 'n empiriese ondersoek (Bylae B, vrae B5 tot B14) waardeur in praktyk vasgestel kan word wat die stand van ouer-kind-opvoedingsverhoudinge werklik is.

In paragraaf 5.2.3 word gepoog om aanbevelings te maak wat die situasie in disharmoniese gesinne behoort te verbeter (indien

sodanige gesinne met die empiriese ondersoek geïdentifiseer word). Indien harmoniese ouer-kind-opvoedingsverhoudinge in Ikageng geïdentifiseer word, kan hierdie verhoudinge as verwysingsraamwerk dien vir die opstel van riglyne vir ouers in opvoedingsnood (paragraaf 5.2.3).

In die volgende aantal paragrawe volg 'n uiteensetting van die Christelike beskouing oor gesag en vryheid en die implikasies wat dit vir ouer-kind-opvoedingverhoudinge inhou.

### 2.7.3 Die Christelike gesagstruktuur

#### 2.7.3.1 Ter inleiding

In alle vertakkings van die gemeenskapslewe is daar 'n rangorde van gesag en op elke vlak in die rangorde word 'n persoon van bo met gesag beheer wat hom die reg gee om gehoorsaamheid van die persone onder hom te verwag (Fourie, 1975:9). In die opvoedingshandelinge tuis is die ouer die gesagsdraer en die kind die gesagsgehoorsame (Foure, 1975:9).

Alle gesag vind sy oorsprong by God (Coetzee, 1965:271) (paragraaf 2.7.3.3.2). Gesagsdraers ontvang dus hulle gesag van God af (paragraaf 2.7.3.3.3) en hierdie gesag verg gehoorsaamheid van die onderhoriges (paragraaf 2.7.3.3.4).

Waar menige hedendaagse verstedelikte swart ouer om verskeie redes (paragraaf 3.5.4) probleme ervaar met die uitoefening van gesag oor hulle kinders, is dit duidelik waarom besinning oor die Christelike gesagstruktuur belangrik is. Daardeur kan verantwoordbare riglyne neergelê word as hulp aan dáárdie ouers wat deur die empiriese ondersoek geïdentifiseer word as voorbeelde van gevalle waar gesagsprobleme in gesinsverband ondervind word (paragraaf 5.2.3). Indien harmoniese ouer-kind-gesagsverhoudinge in die empiriese ondersoek geïdentifiseer word (vergelyk Bylae B, vrae B10 tot B13) sal gepoog word om aan te toon hoe gesonde verhoudinge harmonie en stabiliteit in die

gemeenskap bevorder.

Gesag en vryheid funksioneer vir die Christen in samehang en om hierdie rede word die Christelike gesagstruktuur bespreek aan die hand van twee onderskeibare maar nie-skeibare afdelings, naamlik die Christelike vryheidsbeskouing (paragraaf 2.7.3.2) en die Christelike gesagsbeskouing (paragraaf 2.7.3.3).

2.7.3.2 Die Christelike vryheidsbeskouing

Vryheid beteken in Christelike sin vryheid van die bande van die sonde (Schoeman, 1975:48). Vryheid van die sonde beteken dat die Christen deur die genade van God in staat gestel is om volgens die normatiewe voorskrifte van die wet van God, reg te handel.

Om hierdie rede is Christelike vryheid altyd vryheid onder die Wet van God - nooit losbandigheid of vryheid van reëls en norme nie (Van der Walt & Dekker, 1983:277 ; Coetzee, 1965:272). Ware vryheid moet gesien word as gehoorsaamheid van die gesags= onderhorige aan die gesagsdraer wat God se gesag op aarde handhaaf. Geen mens besit absolute vryheid nie, want hy is altyd onderworpe aan die gesag van God: **elke** mens is vry as gesagsdraer en gebonde as gesagsonderdaan (Coetzee, 1965: 272). Die mens ervaar eers ware vryheid binne die grense van God se Wet; daar voel die Christen veilig en vind hy vrede (Schouls, 1972:65-66). Die diens wat God van sy kinders verlang is daarom geen slawediens nie, maar vrywillige liefdesdiens (Du Toit, 1953:304). Die vryheid in Christus deur vrywillige oorgawe aan God, is die hoogste doel van opvoeding (Du Toit, 1953:319).

2.7.3.3 Die Christelike gesagsbeskouing

2.7.3.3.1 Inleidende opmerkings

In die bespreking van vryheid (paragraaf 2.7.3.2) is gesien dat ware vryheid verkry word wanneer die mens gehoorsaam is aan die gesagsdraers wat God se gesag op aarde handhaaf. Ware vryheid

dui dus altyd op die uitoefening en gehoorsaming van Godverleende gesag (paragraaf 2.7.3.3.2) (Van der Walt & Dekker, 1983:279). Gesag wat deur God verleen is, kan nooit in outokrasie en dwang ontaard nie.

Vryheid en gesag funksioneer dus in samehang; sonder gesag tree daar chaos en wanorde in en sonder vryheid (wanneer gesag kragdadig en outokraties afgedwing word) kom die gesagsonderhorige in verset teen mag, omdat hy daardeur onderdruk voel. In sy soeke na vastigheid (waarna elke mens hunker) tree hy revolusionêr op om daarmee sy behoefte aan regverdige wette en reëls - wat ware vryheid bring - te kenne te gee. Hierdie toestand geld ook vir die gesagsbegeleiding van kinders deur ouers.

Elke kind het behoefte aan simpatieke, doelgerigte, regverdige en warme gesagsbegeleiding en die ouer moet sy kind hierin liefdevol en geduldig tegemoet kom. Die Woord van God stel dit immers ondubbelsinnig dat ouerlike gesagshandhawing en dissiplinering 'n daad van liefde is (Marais, 1989: 33). Om dié rede moet dissipline nooit in 'n toestand van woede toegepas word nie. Positiewe ouerlike gesagshandhawing vind die beste plaas binne 'n warm, liefdevolle gesinsverband. Die ouer as gesagsdraer (paragraaf 2.7.3.3.3) wat op hierdie wyse gesag handhaaf, sal by die kind as gesagsonderhorige (paragraaf 2.7.3.3.4) 'n vrywillige aanvaarding en gehoorsaming van ouerlike gesag bewerkstellig.

2.7.3.3.2 God die oorsprong van alle gesag

Die Christen erken God as die almagtige en soewereine Wetmaker en Wetgewer (paragrawe 2.2.1.2 en 2.2.1.3). Om dié rede vind alle gesag sy oorsprong by God (Van der Walt & Dekker, 1985:250 ; Du Toit, 1953:318).

Slegs God verleen aan gesagsdraers hulle gesag en daarom word alle menslike gesag beskou as verleende of gedelegeerde gesag (Fourie, 1975:9 ; Coetzee, 1965:271). Die enigste grond van

ouerlike gesag lê dus in die soewereine welbehae van God (Erasmus, 1942:38).

Vir die Christen beteken hierdie absolute gesag van God egter nie onderwerping uit vrees of dwang nie. Dat God 'n liefdevolle Vader vir sy kinders is, blyk uit die verlossing en versoening met God in Christus (Du Toit, 1953:7). Hierdie wete is 'n bron van vreugde en veroorsaak dat die mens hom vrywillig en uit dankbaarheid aan God onderwerp.

2.7.3.3.3 Gesagsdraers (ouers)

God het die mens as heerser oor die skepping aangestel en hom met gesag oor sy medemens beklee (Coetzee, 1965:271). Hierdie heerskappy en gesag van die mens is egter nooit absoluut soos die gesag van God nie (paragraaf 2.7.3.3.2). Die gesag wat 'n mens oor ander mense dra, is gesag wat hy namens God besit (Schoeman, 1965:49; Schouls, 1972:52).

Gesagsdraers het die roeping en vermoë om in verantwoordelikheid andere te lei tot gehoorsaamheid aan God se wet (Van der Walt & Dekker, 1983:281).

Waar ouer en kind in 'n gesagsverhouding staan, word God se gesag op aarde deur die ouer as gesagsdraer gehandhaaf; God maak dus van menslike dienste gebruik om sy kinders te lei tot roepingsvervulling en gehoorsaamheid aan sy wet (Van der Walt & Dekker, 1983:282) Uit God se Woord weet die Christenouer dat outokratiese gesagshandhawing en gevoellose dwang tot gehoorsaamheid, onaanvaarbaar is (Van der Walt & Dekker, 1983:282). Ouers wat op 'n outokratiese wyse gesag handhaaf, word as koud-outokraties bestempel (Marais, 1989: 32). Hulle kinders is wel bereid om gehoorsaam te wees, maar is terselfdertyd geneig om angstig en onvergenoegd met hulleself te wees.

Dit is dan ook wat die gesagsverhouding betref belangrik dat daar liefde en warmte in die verhouding tussen ouer en kind bestaan

(vergelyk paragraaf 2.7.2.4). In só 'n verhouding ervaar die kind deurgaans veiligheid en geborgenheid en is gesonde kommunikasie deel van die wyse waarop dissipline gehandhaaf word.

"Gezag en liefde zijn niet "twee" in de opvoeding. Het ouderlijk gezag is van de ouderlijke liefde niet te scheiden" (Waterink, 1951:92). Met die sentrale liefdesgebod wat God in sy Woord aan die mens voorhou, mag geen ouer 'n skeiding tussen gesag en liefde maak nie (Waterink, 1951:94).

Onder ideale omstandighede soos wat dit in die vorige paragraaf beskryf is, word die ouers as gesagsdraers bestempel as warm-outokraties (Angenent, 1976:32). Hierdie ouers stel bepaalde grense en reëls vir hulle kinders en kombineer dit met liefde en toegeneentheid. Die kinders uit sulke gesinne is gewoonlik wetsgehoorsaam, gebalanseerd en sosiaal-aanvaarbaar.

Saam met liefde gaan 'n begrip vir verantwoordelikheid (Waterink, 1954:57). Om gesagsdraer oor God se verbondskinders te wees, is opdrag van God en elke ouer moet hierdie opdrag verstaan en in verantwoordelikheid uitvoer. Volgens Du Toit (1953:4) is die ideale opvoeder (ouer) een wat met gesag spreek, maar steeds in liefde en verantwoordelikheid.

Wat belangrik is, is dat die ouer self blyke moet gee dat hy onder God se gesag staan. Só 'n ouer sal maklik deur sy kind as 'n gesagsfiguur aanvaar word en homself vrywilliglik en in gehoorsaamheid aan die ouer onderwerp (paragraaf 2.7.3.3.4).

2.7.3.3.4 Gesagsonderhoriges (kinders)

God het die ouers met gesag oor hulle kinders beklee, maar daarby het Hy ook aan die kinders die plig opgelê om aan hulle ouers gehoorsaam te wees (Erasmus, 1942:42).

Kinderlike gehoorsaamheid kom nie vanself nie. Weens sy sondige natuur en gebrekkige kennis van wat reg en verkeerd is, is die

kind van nature geneig tot kwade handelinge (Fourie, 1975:10).

Omdat Christus egter reeds die wet volbring het, is 'n nuwe lewe in gehoorsaamheid tot God vir elke Christen beskore (Waterink, 1963:33). Die wet bly egter steeds van krag, aangesien dit die riglyne van die Hemelse Vader vir sy kinders is. Uit dankbaarheid vir Sy genade, wil die mens graag die goeie doen, maar is uit eie krag nie daartoe in staat nie. Om hierdie rede moet elke verbondskind tot God bid vir krag om 'n gehoorsame lewe tot eer van sy Naam te lei (Waterink, 1963:34).

Die Christenouer het die taak om te alle tye aan die kind hulp en leiding te gee op die pad van gehoorsaamheid tot God. Indien elke ouer in die land hierdie roeping vervul, sal dit stabiliteit en vrede in die gemeenskap bevorder; juis dít wat onder andere met hierdie navorsing aangemoedig word.

2.7.3.4 Samevatting

Teen die agtergrond van die Christelike gesagstruktuur - waaruit die onverbreeklike samehang tussen vryheid en gesag na vore getree het, kan gestel word dat 'n harmoniese ouer-kind-gesagsverhouding een van die belangrikste voorwaardes vir die suksesvolle opvoeding van 'n kind is. Sonder liefdevolle en simpatieke gesagsbegeleiding sal uiteindelike selfstandige, gebalanseerde en volwasse optrede in 'n komplekse samelewing moeilik bereik word.

Waar hierdie navorsing wil vasstel hoe die ouer-kind-opvoedingsverhoudinge in geïdentifiseerde kerngesinne in Ikageng daar uitsien, is dit duidelik dat die stand van die **gesagsverhoudinge** in hierdie gesinne 'n belangrike item op die vraelys moet wees (Bylae B, vrae B10 tot B13).

### 2.7.4 Die verloopstruktuur

#### 2.7.4.1 Oriëntering

Noudat duidelikheid oor die verhoudingstrukture tussen ouer en kind verkry is (paragraaf 2.7.2), is dit belangrik om daarop te let dat hierdie verhoudinge nie van die begin af ewe sterk is nie (Landman, 1983:2). Daar is 'n definitiewe verloop of ontwikkeling van die verhoudinge.

Waar die ouer as volwassene 'n begeleidende posisie beklee, rus die grootste verantwoordelikheid vir positiewe en kwalitatiewe groei in die ouer-kind-opvoedingsverhouding aanvanklik op hom (Landman, 1983:2). Die opvoedende ouer inisieer dus die aanvanklike verhouding tussen hom en die kind, waarna verdere inisiatiewe ook van die kind se kant af behoort te kom om 'n verdieping in die ouer-kind-opvoedingsverhoudinge te verseker (Du Plooy & Kilian, 1980:60).

Die verloop van opvoedingsverhoudinge tussen ouer en kind vertoon volgens Landman _et al_., soos aangehaal deur Van der Walt en Dekker (1983:134) 'n omgangstruktuur (paragraaf 2.7.4.2), 'n ontmoeting- en betrokkenheidstruktuur (paragraaf 2.7.4.3) en 'n bemoeienisstruktuur (paragraaf 2.7.4.4). Laasgenoemde vertoon weer vier substrukture, naamlik 'n ingrypingstruktuur (paragraaf 2.7.4.4.1), 'n instemmingstruktuur (paragraaf 2.7.4.4.2), 'n periodieke verlatingstruktuur (paragraaf 2.7.4.4.3) en 'n terugkeerstruktuur (paragraaf 2.7.4.4.4.).

#### 2.7.4.2 Die omgangstruktuur

Die verhouding tussen ouer en kind neem 'n aanvang tydens 'n sogenaamde bewuswordingsproses waar ouer en kind mekaar se teenwoordigheid begin ervaar (Landman, 1983:2). Bewuswording vind plaas deurdat ouer en kind heelwat tyd saam deurbring en met mekaar kommunikeer (vergelyk Bylae B, vrae B7 en B9). Hierdie fase is baie belangrik en lê die fondament waarop geslaagde

ouer-kind-opvoedingsverhoudinge gebou word.

2.7.4.3 Die ontmoeting- en betrokkenheidstruktuur

Die blote bewustheid van mekaar word spoedig inniger, intiemer en vertrouliker: ouer en kind ontmoet mekaar in 'n unieke verbintenis van wedersydse betrokkenheid (Landman, 1983:2).

Tydens hierdie fase word die kwaliteit van die verhouding tussen ouer en kind verhoog (Bylae B, vraag B8). Die een staan oop vir die ander en innigheid en hartlikheid begin die verhouding kenmerk (Van der Walt & Dekker, 1983:135). Laasgenoemde impliseer dat ouer en kind sal saamwerk en mekaar se menswaardigheid respekteer.

2.7.4.4 Die bemoeienisstruktuur

Die ouer neem vervolgens twee besluite. In die eerste plek neem hy as verbondsouer die verantwoordelikheid op hom om hom met die kind se wyse van lewe te bemoei (Landman, 1983:3). Die kind word dus nie aan homself oorgelaat in die volwassewordingsproses nie. Die ouer sien raak dat dit soms nodig is om in die lewe van die kind in te gryp (Van der Walt & Dekker, 1983:135)(Bylae B, vrae B11 en B12).

Tweedens besluit die ouer ook om die kind se aandag te vestig op die belangrikheid daarvan om betrokke te raak in hierdie bemoeienis. Die kind is self ook verantwoordelik vir die sukses al dan nie waarmee die ouer met die kind bemoeienis maak (Landman, 1983:3). Opvoeder sowel as opvoedeling aanvaar dus aanspreeklikheid vir die optrede van laasgenoemde (Van der Walt & Dekker, 1983:135).

Die kind moet geleentheid gebied word om in oorleg met sy ouers besluite te neem oor sy eie gedrag. Hierdie besluite word hoofsaaklik gelei deur die ouers se goed- of afkeuring, asook deur die kind se persoonlike nadenke en evaluering van eie

gedrag. Die ouer gee dus steun sonder om die kind in sy geleidelike selfstandige besluitneming te rem (Van der Walt & Dekker, 1983:135).

Die kind moet algaande geleentheid gegun word om in totale afwesigheid van die ouer sekere besluite te neem (2.7.4.4.3). Sulke geleenthede sal met verloop van tyd toeneem soos wat die kind selfstandiger raak (Landman 1983:3).

Die fase waar die kind egter nog grotendeels in oorleg met sy ouers besluite neem is baie belangrik aangesien dit die grondslag van die kind se vermoë lê om uiteindelik onafhanklik van die ouer 'n selfstandige lewe te lei.

Die bemoeienisstruktuur vertoon vier substrukture naamlik die ingrypingstruktuur (paragraaf 2.7.4.4.1), die instemmingstruktuur (paragraaf 2.7.4.4.2), die periodieke verlatingstruktuur (paragraaf 2.7.4.4.3) en die terugkeerstruktuur (paragraaf 2.7.4.4.4.).

2.7.4.4.1 Die ingrypingstruktuur

In teenwoordigheid van die ouers kry die kind geleentheid om na te dink oor dáárdie gedrag wat deur die ouers afgekeur is en om met die ouers daaroor te kommunikeer (Landman, 1983:3).

In hierdie fase, is dit belangrik dat die kommunikasiekanale weerskante toe oop is en dat die ouers 'n gesagsklimaat skep wat die kind se menswaardigheid en individualiteit respekteer. Toegeeflikheid hoef nie te ontaard in 'n onverantwoordelike permissiwiteit nie.

Elke kind het behoefte aan ouerlike steun om hom te lei in die doen van die goeie in ooreenstemming met 'n spesifieke lewens- en wêreldbeskouing. Ouers wat nie omgee dat die kind op dwaalweë beland nie (soos die geval is met 'n permissiewe gesagsklimaat), is besig om hul roeping as Godverleende gesagsdraers te versuim

en om die kind te rem in die verwerwing van verantwoordelikheid en selfstandigheid (Monteith, 1988c:205-206). Aan die ander kant is 'n koue outoritêre gesagsklimaat - waar die ouer die kind van alle selfstandigheid ontneem - nét so ongunstig vir die kind se persoonsontplooiing (Monteith, 1988c:205).

Die oplossing lê in die handhawing van 'n gesonde balans tussen die twee uiterste vorme van gesagshandhawing, soos in die vorige paragraaf uiteengesit. Die ouer wat sy roeping in verantwoordelikheid uitleef, sal die kind wat met die onbehoorlike besig is, **in liefde** vermaan en op die regte pad lei (Van der Walt & Dekker, 1983:135) (vergelyk paragraaf 2.7.2.4).

Indien die opvoeder die opvoedeling in liefde vermaan, sal daar by die opvoedeling 'n toename wees in die vermoë om tussen reg en verkeerd te onderskei (Van der Walt & Dekker, 1983:136)(Bylae B, vraag B11).

2.7.4.4.2 Die instemmingstruktuur

Wanneer die kind ná opvoedende ingryping die afkeurenswaardige afwys en die goedkeurenswaardige doen, moet die ouer sy waardering te kenne gee en aandui dat hy van die kind verwag om in die toekoms ook so op te tree (Van der Walt & Dekker 1983:136) (vergelyk paragraaf 2.7.2.2)(Bylae B, vraag B13).

Die ouer gee sy instemming in blydskap te kenne wanneer hy besef dat sy kind in ooreenstemming met Christelike beginsels lewe - soos gegrond op die religieuse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing. Hierdie instemming moedig die kind aan om te volhard in die goeie - nie uit dwang nie, maar uit vreugde.

2.7.4.4.3 Die periodieke verlatingstruktuur

Die opvoedeling kry tydens hierdie fase geleentheid om in **afwesigheid** van die opvoeder, selfstandig te kies en te handel (Van der Walt & Dekker, 1983:136).

Soos wat die kind daarin slaag om sy onafhanklikheid en selfstandigheid te beoefen, verkry hy al meer selfvertroue en is hy al minder van sy ouers se begeleiding afhanklik.

2.7.4.4.4 Die terugkeerstruktuur

Na 'n tyd ervaar die opvoedeling dat hy verdere hulp en leiding van die opvoeder benodig (Van der Walt & Dekker, 1983:136). Die kind kom tot die besef dat daar wel gevorder word op die weg van kinderlike volwassewording, maar dat 'n terugkeer na ouerlike ingryping van tyd tot tyd tog weer noodsaaklik is.

So word kindwees geleidelik oorwin en word daar stapsgewys gevorder na selfstandige besluitneming en uitlewing van Christelike lewensbeginsels (Landman, 1983:12).

Wat belangrik is tydens hierdie fase is dat die ouer die kind te **alle tye** hartlik moet ontvang en sy bereidheid moet toon om verder sinvolle leiding te gee (Van der Walt & Dekker 1983:137). Op hierdie patroon van verlating en terugkeer, neem die bemoeienisverantwoordelikheid van die ouer geleidelik af totdat daar uiteindelik steeds 'n innige verhouding tussen ouer en kind bestaan, maar elk 'n selfstandige, self-verantwoordelike bestaan voer.

2.7.4.5 Samevatting

Uit voorafgaande bespreking blyk duidelik dat ouer-kind-opvoedingsverhoudinge 'n komplekse maar natuurlike verloop neem soos wat die kind vorder op die pad na selfstandigheid.

Wat belangrik is, is dat die fases soos hierbo uiteengesit nie rigiede tydsgrense het wat oorvleueling verhoed nie. Die verloop van die verhoudinge vind geleidelik plaas; die een fase bou op na die ander en meer as een fase kan dikwels vir 'n tydperk in samehang funksioneer.

Die verloop van ouer-kind-opvoedingsverhoudinge kan egter nie in harmonie geskied indien beide ouer en kind hulself nie totalitêr laat lei deur die gedragsreëls wat in 'n spesifieke lewensopvatting opgesluit lê nie. Vir die Christenouer en -kind word die lewe gerig en gelei deur die wet van God - soos uiteengesit in sy Woord. 'n Harmoniese verloop en ontwikkeling van die verhoudinge tussen ouer en kind word in hierdie navorsing as teoretiese ideaal gestel.

Met die huidige tendens van disharmonie en opstand in sekere swart woongebiede in Suid-Afrika, word vermoed dat 'n goeie gesindheid en gevoel van welwillendheid tussen ouer en kind, in sommige gesinne ontbreek. Waar harmonie tussen ouer en kind wel bestaan, word vrede en stabiliteit in die gemeenskap bevorder (Anon, 1986:4 ; Pretorius, 1988:35).

### 2.7.5 Bedrywigheidstruktuur: die ouer as hulpgewer

#### 2.7.5.1 Oriëntering

Om die rol van die ouer as hulpgewer in die harmoniese verhouding tussen volwassene en kind te begryp, is dit nodig om 'n kort oorsig te gee van spesifieke bedrywighede waarmee die ouer die kind behulpsaam kan wees in die volwassewordingsproses.

Landman (1983:15-20) noem 'n aantal bedrywighede waar die ouer as hulpgewer 'n steungewende rol behoort te vervul (vergelyk ook Landman & Roos, 1973:173).

#### 2.7.5.2 Bedrywighede

* Betekening
* Inspanning
* Waagmoed
* Toekomshoop
* Dankbaarheid

#### 2.7.5.3 Samevatting

Binne die Christelike huisgesin vind die bedrywighede - waar die ouer as hulpgewer optree - in die lig van die Heilige Skrif plaas. Op hierdie wyse word die hulpgewende-hulpontvangende verhouding tussen ouer en kind versterk en verdiep.

### 2.7.6 Samevattende gedagtes

Soos uit die voorafgaande uiteensetting blyk, word die saamwees van ouer en kind gedra deur sekere verhoudinge. Liefdevolle verhoudinge tussen ouer en kind blyk een van die belangrikste voorwaardes van suksesvolle en harmoniese ouerlike opvoeding te wees. Christelike ouerlike opvoeding moet dus altyd die vrug van liefde tot God dra.

## 2.8 **EVALUERENDE PERSPEKTIEF**

Met insig in die struktuur van die werklikheid, asook 'n uiteensetting van die Christelike antropologie as agtergrond, is daar in hierdie hoofstuk indringend gekyk na die struktuur van die Christelike huwelik en gesin in samelewingsverband, na die verhoudinge tussen en rol van man en vrou binne die Christelike huwelik en gesin, asook na die verhoudinge tussen kinders onderling en tussen ouers en kinders binne die Christelike huwelik en gesin. Daar is verder gekyk na verskeie fasette van Christelike ouerlike opvoeding - waaronder die grondtrekke, kenmerke, doelstellings, noodsaaklikheid en moontlikheid daarvan.

Daar is ook tot die besef gekom dat opvoeding in hierdie wêreld altyd begrens word deur een of meer negatiewe aspekte. Hiervan is 'n ongunstige gesinsmilieu, asook onkunde oor die bose natuur van die mens as twee faktore bespreek wat toereikende ouerlike opvoedingsbegeleiding belemmer. In sulke gevalle is die vroegtydige identifisering van sodanige ongunstige omstandighede noodsaaklik; dan kan hulp nog verleen word en is die kanse op verbeterde opvoeding goed.

'n Empiriese ondersoek na die stand van ouer-kind-opvoedingsverhoudinge in geïdentifiseerde gesinne in Ikageng, is dus dringend noodsaaklik (vergelyk Bylae B), aangesien dit lig kan werp op die stabiliteit al dan nie wat in die dorp as geheel heers. Die teoretiese beginsels van ouer-kind-opvoedings=verhoudinge - soos in die afgelope hoofstuk uiteengesit, dien as verwysingsraamwerk (Bylae A) waarteen die toereikendheid van ouer-kind-opvoedingshoudinge in Ikageng getoets is (Bylae B).

Alvorens ondersoek ingestel kan word na moontlike opvoedingsprobleme wat die hedendaagse swartmens in die geïndustrialiseerde samelewing ondervind, is dit allereers noodsaaklik dat die swartmense van Suid-Afrika oor die algemeen en die Tswana in die besonder (aangesien die Tswanamense die teikenpopulasie van hierdie navorsing uitmaak) in hulle tradisionele milieu geken word (paragraaf 3.4). Dit is nodig ten einde begrip te hê vir die verskeidenheid aanpassings wat hierdie mense onder die invloed van die Christendom, die Westerse kultuur en die proses van verstedeliking moes maak (paragraaf 3.5).

Hoofstuk 3 begin met 'n oorsig van die verskillende gesinstipes met spesifieke verwysing na die voordele en kwesbaarheid van die **kerngesin** binne 'n geïndustrialiseerde samelewing, aangesien die kerngesin die mees algemene gesinstipe in die hedendaagse samelewing is en aangesien daar in dié navorsing gefokus word op die stand van ouer-kind-opvoedingsverhoudinge in geïdentifiseerde **kerngesinne** in Ikageng (vergelyk paragrawe 1.6.3. en 4.4).

Ten slotte word gepoog om aan te toon hoe gesonde ouer-kind-opvoedingsverhoudinge moontlik riglyne kan bied vir die herstel van disharmoniese gesinsverhoudinge in die onrusgeteisterde swart gebiede van Suid-Afrika (vergelyk paragraaf 1.6.4) (paragraaf 5.2.3). Dit lyk asof verantwoordbare opvoedingsverhoudinge in swart gesinne kan lei tot meer stabiele swart gemeenskappe en eindelik tot beter nasionale verhoudinge.